basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy bestudeer het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy. Nov

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Vroue van Vermeer" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Die bokser" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Tsunami" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Suiwer wiskunde" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "november" | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 7. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 28 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 28 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| **AFDELING** | **VRAAGNOMMER** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **MERK (✓)** |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Vroue van Vermeer – TT Cloete**

Dit is meestal 'n mooi jong vrou.
Meestal is sy alleen binnenshuis,
dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,
naby, in 'n gloeiende klein hand
voor 'n kleiner of groter oop
venster. Daar kom 'n ligte geruis
van 'n wêreld aan uit 'n land-
of groter wêreldkaart
wat teen die muurvlak oorkant
hang, daar waar seestrome en wind loop
met haar land se ganse skeepvaart.
Sy staan, sy sit, sy buk oor kant,
sy droom of sluimer
in lig wat in vlokkies of korrels brand
of dof kaats in die ruimer
ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer
ivoor maak, of sy speel klavesimbaal
of sy loer oor haar skouer
en dra 'n sonnende pêrel teen haar nek
se skadu. En altyd is daar lig wat áfstraal
ín in die liefs klein afgemete vertrek,
oorvloedig, uit die oop grote
universum en wat die klein aardse geslote
stilte in die onmeetlike laat asemhaal.

[Bron: *Driepas*, Tafelberg, 1989]

Retoriese middele, woordgebruik en teenstellings word effektief in "Vroue van Vermeer" aangewend om vroue se ingeperktheid in die sewentiende eeu uit te beeld.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Die bokser – Ernst van Heerden**

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wieging – ritmies, sterk –
tot skerm en liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuis se smak
laat lis en weerstand verder knak …

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen dié man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef,

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou my gestalte was;

'n flikker-weerskyn word verskerf,
'n lyf stort soos 'n koring-gerf …

Wie is die man wat roerloos lê,
wie't 'n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan't roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit …?

[Bron: *Verklaarde Nag*, 1946]

2.1 Skryf 'n woord uit die eerste twee versreëls neer wat by die titel aansluit. (1)

2.2 Verwys na versreëls 3 tot 8.

Skryf DRIE afsonderlike woorde neer wat bewys dat die twee boksers vol energie is. (3)

2.3 Op watter manier word die tema van die gedig beïnvloed deur enersyds die woord "maar" in versreël 9 en andersyds die woord "tog" in versreël 13? (2)

2.4 Evalueer die gebruik van die beletselteken in versreël 18: " 'n lyf stort soos 'n koring-gerf …". (1)

2.5 Dink jy die retoriese vrae in versreëls 19 tot 22 is effektief? Motiveer jou antwoord. (1)

2.6 Verduidelik hoe die rymende koeplette aangewend word om die letterlike en figuurlike betekenis van die gedig te ondersteun. (2)
**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tsunami – Kobus de Wet**

*11 Maart 2011*

toe die aarde se kors in twee skeur
het eoniese kragte die oseaan gelig
en woedend maar dodelik sekuur
het die watermonster met volle mag
op weerlose wesens afgestuur …

vergeefs is vervaard geskarrel
om voor die sissende serpent
van verwoesting te ontkom
want duisendtalle het soos oggendmis
in hul geliefde nippon
onder die water en puin
                    verdwyn

weke lank het die monster se ingewande
nog van oordadigheid gerammel
toe traag maar tevrede
na die dieptes teruggetrek

[Bron: *Toetrede* deur Kobus de Wet, 2017]

3.1 Oor watter "watermonster" (versreël 4) handel die gedig EN watter woord in strofe 1 word gebruik om dié monster te personifieer? (2)

3.2 Benoem die halfrym in versreël 5 EN motiveer die gebruik van die beletselteken aan die einde van hierdie versreël. (2)

3.3 Verwys na versreëls 6 tot 12.

3.3.1 Dink jy die gebruik van enjambement is geslaagd in hierdie versreëls? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3.2 Verduidelik waarom die beeldspraak in versreëls 9 tot 12 effektief is. (1)

3.3.3 Wat is die funksie van die besondere skryfwyse van versreël 12? (1)

3.4 Is daar genoegsame bewyse in die gedig om die gebruik van "oordadigheid" (versreël 14) te regverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, bv. 3.5 E.

Watter tegniese middel word in die laaste twee versreëls gebruik om aan te dui dat die see stelselmatig na normaliteit teruggekeer het?

A Kruisrym
B Vergelyking
C Assonansie
D Inversie (1)

3.6 Dink jy dit is moontlik dat die leser die slot van die gedig as waarskuwend kan interpreteer? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Suiwer wiskunde – NP van Wyk Louw**

1 Die uurwerk kantel. En die ligbruin by
2 hang roerloos voor die blom wat nooit bevrug
3 word, nooit sal saadskiet, welk, en nooit verby
4 hierdie verstarde uur sal groei. Die lug

5 het stil soos ys gaan staan, so wit en blou.
6 Die brander wat wou oorbuig, val, en skuim,
7 bly in sy ligte sirkels vasgehou
8 en moet sy see 'n ewigheid versuim.

[Bron: *Nuwe Verse*, uitgegee deur Tafelberg, 1954]

4.1 In "Suiwer wiskunde" word besin oor wat sal gebeur as tyd stilstaan.

Haal TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 1 aan wat hierdie interpretasie van die gedig regverdig EN skryf TWEE gevolge van tyd wat stilstaan, soos beskryf in versreëls 1 tot 4, neer. (3)

4.2 Wat is die funksie van die leestekengebruik in versreël 1? (1)

4.3 Verduidelik hoe voorplasing in versreël 2 EN die vergelyking in versreël 5 onderskeidelik bydra om die gedagte dat alles tot stilstand kom, uit te beeld. (2)

4.4 Kies die korrekte antwoord deur slegs die vraagnommer en die letter neer te skryf, bv. 4.4 E.

Benoem die tegniek wat trefkrag aan versreël 8 verleen:

A Tipografie
B Enjambement
C Kruisrym
D Alliterasie (1)

4.5 Waarom sou die gebruik van enjambement in "Suiwer wiskunde" as ironies beskou kon word EN in watter opsig, dink jy, versterk die rymskema die boodskap van die gedig? (2)

4.6 In versreël 1 en 5 kom die enigste kleuraanduidings voor, naamlik "ligbruin" en "wit en blou". Wat, dink jy, is die funksie van die verdere afwesigheid van kleur? (1)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**november – Bibi Slippers**

november kom soos 'n gaap uit die oop kaak
van die jaar en in die warm lug moet 'n mens
wonder: wat het ek met my dae gemaak?
hoeveel tyd het op my uitgeloop terwyl my vinger
teen 'n skerm op geskuur het, hoeveel ure
het oorryp geraak in die af yskas van my siel?
wat het alles verander terwyl ek afgerol, gekyk en
niks gesien het nie? hoe is dit moontlik dat ek nie
méér het om te wys vir my geskarrel en gescroll
nie? ek was besig én nou is ek moeg en êrens
tussen dié twee punte lê my aandag aan skerwe.
ek trek 'n bikini aan en loop deur die glasstukke
van my lewe. please hesitate to contact me.
ek lê stom op 'n strandstoel en raak leer in die son
terwyl my voete bloei.

[Bron: *Soekenjin*, Tafelberg, 2023]

5.1 Skryf die vergelyking wat in versreël 1 en 2 voorkom neer EN verduidelik wat met hierdie beeld bedoel word. (2)

5.2 Verwys na versreëls 3 tot 6.

5.2.1 Waarmee het die spreker hom/haar volgens hierdie versreëls gedurende die jaar besig gehou? (1)

5.2.2 Dink jy die spreker beskou hierdie aktiwiteit as sinvol? Motiveer jou antwoord deur onderskeidelik na die woordgebruik EN 'n retoriese middel in hierdie versreëls te verwys. (2)

5.3 Verwys na versreëls 12 tot 15.

Waarom vorm hierdie versreëls 'n kontras met die voorafgaande? In watter opsig bly die spreker se lewe egter dieselfde? Skryf EEN woord uit hierdie versreëls neer wat aansluit by die spreker se voete wat bloei. (3)

5.4 Verwys na die hele gedig.

5.4.1 Verklaar waarom die talle enjambemente in die gedig effektief is. (1)

5.4.2 Noem EEN ander tegniek wat dieselfde effek as die enjambement het. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Greg veroorsaak self dat hy van 'n modelleerder na 'n polisieverdagte verander.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"En jy?" vra Eckardt. "Moet jy ook die modelkind wees? Moet jy jou broer se plek vat noudat hy nie daar is nie?"

Ek gee die woorde kans om in te sink. Ken Eckardt my dan só goed, ná net 'n paar maande? Vrek, ek dink nie eens Nicole het dit al eens besef nie, en ons ken mekaar al byna twee jaar.

"Jip," antwoord ek en voel hoe die lamheid my lyf deurtrek. "Maar dis nie omdat ék wil nie, dis omdat my pa wil. Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my toe draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!'

"As ek kon kies, sou ek my van verander van Owen na … ag, sommer Van der Merwe. As ek kon kies, was ek nie nou hier nie. Ek sou tevrede wees met 'n gemiddelde skool in 'n gemiddelde woonbuurt met gemiddelde skoolpunte.
Ek sou gelukkig wees om vir enige span rugby te speel, nie noodwendig die eerste span nie."

"Maar gemiddelde mense kom nêrens," sê Eckardt.

"Jy klink soos my pa."

"Dis miskien iets wat hacking my geleer het. Om te dink soos ander mense dink. Maar ook om verder te dink; dis wat jou die voorsprong gee."

Ek kyk op na die helder lug, skerm my oë teen die son. "Ons moet seker teruggaan." Ek fluit vir die perde om nader te kom. Die fluitgeluid slaan uit die verte terug na my toe. Vir 'n oomblik luister ek net daarna, toe roep ek, hard: "G-4ce!" Die berg roep my naam terug. "G-4ce! G-4ce! G-4ce!"

7.1 Wat het met Greg se broer John gebeur dat "hy nie daar is nie" (reël 2)? Noem TWEE maniere waarop Greg se pa 'n rol gespeel het in wat met John gebeur het. (3)

7.2 Hoewel John nie meer "daar is" wanneer Greg vir Eckardt ontmoet nie, het hy tog 'n invloed op Greg se vriendskap met Eckardt. Motiveer hierdie stelling deur na TWEE verskillende aspekte in Greg en Eckardt se vriendskap te verwys. (2)

7.3 Verwys na reël 3 en 4: "Ken Eckardt my dan só goed, ná net 'n paar maande?"

In die lig van inligting wat Greg later bekom, verduidelik waarom sy gewaarwording oor Eckardt in hierdie reëls ironies is. (1)

7.4 "Vrek, ek dink nie eens Nicole het dit al eens besef nie, en ons ken mekaar al byna twee jaar." (Reël 4 en 5)

7.4.1 Watter emosie oorheers op hierdie stadium van die roman Greg se gedagtes as hy aan sy verhouding met Nicole dink? Noem die belangrikste gebeurtenis wat tot hierdie emosie aanleiding gegee het. (2)

7.4.2 Dink jy die Nicole-karakter in die roman is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE feite uit die roman. (2)

7.5 Verwys na reëls 6 tot 13.

7.5.1 Waarom is dit oortuigend dat Greg in reël 6 voel asof 'n "lamheid my lyf deurtrek"? (1)

7.5.2 Watter houding openbaar Greg, onder invloed van Eckardt, ten opsigte van die verwagtinge wat sy pa van hom koester? Dink jy dat sy pa se verwagtinge tot innerlike konflik by Greg lei? Motiveer jou antwoord. (2)

7.6 "Ons moet seker teruggaan." (Reël 18)

Watter afleiding kan 'n mens daaruit maak dat Greg hierdie gesprek skielik kortknip? (1)

7.7 Die naam G-4ce dui op beide die positiewe en negatiewe invloed wat hacking op Greg het.

Motiveer hierdie stelling deur na die positiewe EN negatiewe invloed afsonderlik te verwys. (2)

**EN**

**TEKS B**

Ek loop stadig terug gastehuis toe. Heeltemal ge-rattle. Daar is nou meer mense op straat. Hulle kyk my net aan, na my stukkende gesig, geskeurde klere. Bloed.
Een vrou wil my help. "Los my!" skree ek en ruk my arm uit haar hande uit.
My ma is alleen in die gastehuiskamer. Sy kyk op van 'n tydskrif, word bleek toe sy my sien. "Greg!"
"Waar is Pa?" vra ek.
"Wat het gebeur?"
"Pa. Waar is hy?" Harder.
"Hy het gaan sigarette soek voor hy ry."
"Ry?"
"Bergville toe. Doktor Pienaar …"
Natuurlik. Skielik wonder ek of my pa al sy sakebelange laat staan het om my onthalwe en of hy gekom het om vir Dok te help?
"Ek moet hom gaan soek," sê ek en draai terug deur toe.
"Jy kan nie! Nie só nie. My kind, wat is dit met jou?" Paniek in my ma se oë.
Nou eers dink ek daaraan: hoe gaan Ma dit vat as sy uitvind wat ek gedoen het sonder dat ek dit weet? Al daardie damn goed wat Eckardt my láát doen het.
"Iemand het my geslaan, Ma."
"Wie?"
"Eckardt."
"Eckardt? Maar hy is dan –"
My ma stop skielik. Haar blik gly van my af na iemand agter my. Ek draai om.
My pa.
Ek staar net na hom, skrik dan, want vir die eerste keer besef ek ek het nog nooit behoorlik gekyk hoe hy lyk nie.

7.8 Waar is die gastehuis (reël 1) waarheen die "ek" loop? (1)

7.9 Verwys na reëls 12 tot 17.

Watter emosie kan 'n mens uit Greg se "Natuurlik" aflei? Watter verwagting word geskep deur die feit dat Greg op hierdie stadium sy pa wil gaan soek EN waarom is dit verstaanbaar dat die paniek in sy ma se oë vir Greg kalmeer? (3)

7.10 Watter kodenaam kry Greg se pa in die verhaal? Lewer kommentaar op die gepastheid van hierdie naam in die lig van die pa se sakebelange. (2)

7.11 Verwys na reël 20.

Die Eckardt-karakter is in die kuberkraakwêreld as Ekk-0 bekend.

Waarom het hy juis die naam Ekk-0 as kuberkraaknaam gekies EN watter ooreenkoms, vind Greg uit, bestaan tussen dié twee name van hierdie karakter? (2)

7.12 Herlees reëls 6 tot 9 van TEKS A EN reël 24 en 25 van TEKS B.

Hierdie twee gedeeltes dui op karaktergroei by Greg. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Baas word gekarakteriseer deur die keuses wat hy maak.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Hy wig die vyfrandmunt wat Riekert vir ouma Essie gestuur het voor sy oupagrootjie se bors tussen die glas en die raam in. "Jy wen, Baas Dennis," sê hy.

Onder die Land Rover word Baas weer naar. Sy balans is nog aangetas. In die hoofpad ratel 'n groot voertuig tussen die klipkoppe tot stilstand. Iemand kom van die kerk se kant af in die Manaka-pad langs gestap. Hy struikel oor 'n klip. Dit is die lang man met die blou oorpak. Hy hurk by die Land Rover, sy hand op die agterwiel.

"Howzit?" Whitey loer onder die bakkie in.

"Aan die gang," sê Baas. Hy lê op sy sy.

"Ek het gedink ek sal maar daar bo stilhou, hier is dalk nie draaiplek by jou kamp nie. Die mense in Ngweze het 'n boodskap gestuur. Hulle sê hulle kry nie die onderdele vir jou boot nie."

"Ek het dit nie meer nodig nie. Maar dankie."

Baas rol onder die voertuig uit en gaan sit met opgetrekte bene langs die voorwiel. Grace bring koffie. Oor haar skouer hang die geel oliebaadjie waarin die patrone en die hondekos toegedraai was die nag toe hulle van die hospitaal af teruggekom het. Sy knak haar knieë en hou die koffieplank na meneer Whitey toe uit.

"Sit myne maar daar neer, dankie, Gracie." Hy vat die oliebaadjie. "Amper al daarvan vergeet," sê hy.

"Dit het baie gehelp." Baas vat die ander beker koffie. "Ek skuld jou nog vir ons vervoer."

"Niemand betaal my vir saamry nie."

9.1 Verwys na reël 1 en 2.

Verduidelik waarom Riekert vir ouma Essie die vyfrandmunt gestuur het EN waarom Baas nie die geldstuk vir haar gegee het nie. (2)

9.2 "Jy wen, Baas Dennis." (Reël 2)

Wat is die verwantskap tussen Baas en Baas Dennis? (1)

9.3 Verwys na reël 3.

Van watter belang is Baas se naarheid ten opsigte van die intrige van hierdie roman? Noem DRIE feite. (3)

9.4 Verwys na reëls 7 tot 12.

Watter rolle speel die boot as terugkerende motief in die roman? Noem DRIE feite. (3)

9.5 Verwys na reëls 14 tot 16.

In watter opsig is dit enersyds vir Baas 'n bron van irritasie en andersyds tot sy uiteindelike voordeel dat Grace hom versorg? Watter TWEE feite oor Grace se verlede veroorsaak dat Whitey haar as "Gracie" aanspreek? (4)

9.6 Verwys na reëls 19 tot 21.

Watter realiteit in beide mans se lewens dra daartoe by dat hulle antwoorde in hierdie reëls as valse trots geïnterpreteer kan word? (1)

9.7 Met watter optrede van Baas toon die woorde van Whitey in reël 21 'n ooreenkoms? In watter opsig berei hierdie ooreenkoms Baas stelselmatig voor om sy siening te verander? (2)

**EN**

**TEKS D**

Die kind het kom sê dat ouma Essie baie siek is. Tibelelo het hom gestuur.

Baas trek sy skoene aan en laat Vleislus agter op die Land Rover spring.

By Mubuyu vier die mense nog fees.

Ouma Essie kry stuiptrekkings. Haar kop beur al verder agteroor. Haar oë is wyd oop. Sy kan nie praat nie. Meneer Jos en sy vrou en Grace is by haar. Hulle het meubels uitgedra om plek te maak in die hut.

Baas vat ouma Essie se kop in al twee sy hande. Haar neksenings ruk teen sy bors en haar lyf is koud teen syne. Hy bly so op sy knieë by haar staan tot sy weer stil word. Meneer Jos en sy vrou en Grace begin saggies huil. Ouma Essie maak haar oë toe. Baas lê haar kop op die kussing neer. Sy raak aan die slaap. Hy haal muluti Joseph se lyfband af en sit dit onder haar verrimpelde hand op haar bors.

"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."

"Meneer Baas kan vir ons bid," sê meneer Jos.

Die mense om die bed vat hande. Hulle bly lank so staan met hulle koppe gebuig.

"Dankie, Here. Amen," sê Baas.

"Amen," sê meneer Jos. Hy staan uit die pad dat Baas verby die buffet kan skuur. "Miskien sal ons vir haar 'n plek kan gee waar al haar goed sal inpas," sê hy en vryf sy hande teen mekaar.

"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.

9.8 Verwys na reël 3.

9.8.1 Watter gebeure het veroorsaak dat hierdie fees plaasvind EN waarom is hierdie fees vir die Sitali-familie 'n hoogtepunt? (2)

9.8.2 Dink jy dit is gepas dat hierdie gebeure juis in Mubuyu plaasvind? Motiveer jou antwoord. (1)

9.9 Verwys na reëls 10 tot 12.

Waarom het ouma Essie muluti Joseph se gordel vir Baas gegee? Watter simboliese betekenis, dink jy, kan aan hierdie handeling geheg word? (2)

9.10 Verwys na reël 15.

In watter opsig, dink jy, is Baas se kort maar kragtige gebed karakter-openbarend? Noem TWEE aspekte van sy lewe wat Baas moontlik in hierdie gebed kan impliseer. (3)

9.11 Verwys na reël 4 en 5 van TEKS C EN reël 19 van TEKS D.

Wat is die verband tussen hierdie twee teksgedeeltes? (1)
**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Die keuses wat Tant Wonnie maak, wys dat sy 'n sterk karakter het.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

Oupa Lewies het klaar gelees en almal was vir 'n rukkie stil. Toe sê Oom Flip: Mag ek iets vra?

Ja! sê Oom Chai.

Ek het nie verstaan wat onse wit broer gelees het nie. Kan jy wat Chai is dit nie asseblief in onse taal verduidelik nie?

Oom Chai het die brief toe oorgesit in die taal van Vatmaar, Afrikaans.

Nou verstaan ons, het almal soos een man gesê.

Daar was 'n lang stilte. Toe sê 'n mooi ligtekopvrou: Dis beter so. Ons kan nie verwag om die kerksaal én sy staanplek verniet te kry nie. Ons is nie daaraan gewoond om dinge vir niks te kry nie. Ons het nog altyd gewerk vir wat ons wil hê.

Wonnie, sê Oom Chai, nou het jy gepraat. En aan die ander: Laat ons luister na hierdie moeder van Vatmaar. Kom staan hier by ons.

Tant Wonnie het haar van haar twee dogtertjies losgemaak en by die twee mans gaan staan. Toe sê sy met 'n glimlag vir die mense: Ons gaan ons eie kerkerf koop. Sy het na die heel voorste erf gewys en gesê: Daar oorkant, daai erf met die klippe op wat niemand wil hê nie.

Sy bly eers weer stil en dink na. Toe sê sy: Na die vergadering sal 'n seun en 'n dogter 'n leë twaksakkie by Oupa Lewies kry. (Oupa Lewies het staan en pyprook.) Sy het die twee aangewys: Loop by elke huisgesin langs en hulle sal iets in die sakkie sit.

11.1 Waar het Oom Chai en Oupa Lewies se vriendskap ontstaan? Noem TWEE feite. (2)

11.2 Wat het Oupa Lewies voorgelees EN waarom het hý dit voorgelees en nie Oom Chai nie? (2)

11.3 Verwys na reël 1 en reël 8.

Wat is die rede vir die stilte in reël 1 EN in reël 8 onderskeidelik? Wat word deur die lang stilte (reël 8) geïmpliseer EN watter invloed sou die oorsaak van dié lang stilte op die lewens van die mense van Vatmaar hê? (4)

11.4 Verwys na reëls 6 tot 8.

In watter TWEE opsigte, dink jy, is hierdie gevolgtrekking van Tant Wonnie karakteriserend van haar lewensmotto? Waarom sou Tant Wonnie se woorde in reël 7 en 8 as ironies beskou kon word as die ontstaan van Vatmaar in gedagte gehou word? (3)

11.5 Wat is die name van tant Wonnie se twee dogters? (2)

11.6 Tant Wonnie kies 'n klipperige erf vir die kerk. Dink jy dit is 'n wyse keuse? Motiveer jou antwoord. (1)

11.7 Waarom het Tant Wonnie Oupa Lewies se twaksakkie gekies vir die geldinsameling? (1)

**EN**

**TEKS F**

Kenny is weer die Saterdag met die groot mouterkar gebring. Hy het sy trommel en 'n bouplan uitgehaal. Na hy 'n koppie tee gedrink en homself in die waskom water gewas het, het hy die plan oopgerol en vir Tant Wonnie geroep.

Wat ons in Vatmaar nodig het, sê hy, is 'n kliniek. Ek wil hê Ma-Ma moet die oudstes bymekaar kry en vir hulle vertel wat ek in gedagte het.

Nee, my Seun vir so 'n ding sal jy die hele Vatmaar bymekaar moet kry. Ons dink Vatmaar behoort aan almal van ons, waarmee ek nou nie wil sê ons respekteer nie onse oumense nie.

Wat dink Ma-Ma is die beste manier om te begin?

Laat my sien, het sy gesê en met haar vinger op haar slaap staan en dink. O ja, môre is Sondag en die kerk is diesdae vol, noudat ons daai bruin onderwyser het wat die diens hou. Sy naam is Frans Kiewiet. Soos die naam jou vertel, is hy van Griekwa-afkoms, 'n reguit jong man wat graag help. Hy het al die kerkpapiere wat Boitjie Afrika vir hom gegee het toe hy deur Oom Chai se trommel gegaan het.

Goed, Ma-Ma, het Kenny gesê, dan gaan ons kerk toe en ons vra hom sommer om môre ons baba te doop.

Nou het jy gepraat, my Seun. (Tant Wonnie het nooit vir Kenny op sy naam genoem nie, altyd: my Seun.)

Sondagoggend, net voor die kerk-treinfluit, staan en wag Kenny en sy nuutgevonde familie die skoolmeester in net waar die paaitjie na die kerkgronde indraai – want so is die erf genoem.

11.8 Verwys na reëls 1 tot 3 EN reël 9.

Watter afleiding kan jy oor Kenny se grootwordjare maak? Dink jy dit is geregverdig dat Kenny vir Tant Wonnie in reël 9 as "Ma-Ma" aanspreek? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (3)

11.9 Waarom wil Kenny juis 'n kliniek op Vatmaar bou? Dink jy die gebou se naam is gepas? Motiveer jou antwoord. (2)

11.10 In watter opsig was Kenny se idee om Vatmaar se oudstes van die planne vir 'n kliniek te vertel enersyds die korrekte gedagte, maar tant Wonnie se plan om almal in Vatmaar te betrek, andersyds beter? (2)

11.11 Verwys na reëls 14 tot 16 van TEKS E EN reëls 6 tot 8 van TEKS F.

Watter rol, dink jy, speel tant Wonnie by beide bouprojekte? Watter karaktertrek van tant Wonnie kom in haar raad aan Kenny in TEKS F na vore? In watter ander situasie in die roman kom dieselfde karaktertrek by Tant Wonnie na vore? (3)
**[25]**

## *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Die keuses wat Iris ná skool maak, dra tot haar ontwikkeling as 'n selfstandige vrou by.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"Vra eers vir Peter," het sy gesê. "Hy sê nooit iets nie."

Ek wou hom juis nie vra nie, maar ons het ons almal na hom gewend.

"As ek kan kry wat ek wil hê," het hy slim geantwoord. "Dit sal my tevrede stel."

"En wat wil jy hê?" het Bettie gevra.

" 'n Hele lys goed, maar almal binne die perke van moontlikheid. Ek hoop nie op 'n Nobel-prys nie."

"En gaan jy vir ons vertel wat op jou lys is?" het Bettie gevra.

"Nee."

"Die lewe het geen sin nie," het sy verklaar met die selftevredenheid van iemand wat dink hulle het pas iets oorspronkliks kwytgeraak.

"Dis oor jy te veel wyn drink," het Brian gesê.

"Dis omdat my lewe begrens word deur skroefsleutels en sweisapparate." Sy het haar hand voor na agter deur haar hare getrek en onmiddellik gelyk soos 'n grys bosloerie.

Ek het reggeskuif om te luister. Party van my vriendinne het soms sulke bewerings gemaak – oor die lewe, nie die skroefsleutels nie – en Ma het altyd gesê dis deel van die grootwordproses. Johanna het gereken dis die bogpraatjies van snuiters wat nog nie eens die lewe beproef het nie, dan gee hulle al uitsluitsel daaroor. Bettie was die eerste volwassene wat ek so hoor praat het.

(Kara het dit in haar nonperiode gesê, maar Elsa nooit nie. Vir Elsa was die lewe altyd 'n goed gemerkte, onlangse padkaart: Wie kan lees, kan dit volg.)

13.1 "As ek kan kry wat ek wil hê," het hy slim geantwoord. "Dit sal my tevrede stel." (Reël 3)

Wat, het Iris geweet, sou Peter eintlik wou antwoord as hulle alleen was? (1)

13.2 Verwys na Bettie se woorde in reël 9.

13.2.1 Watter TWEE belangrike karaktereienskappe van Bettie kan uit hierdie woorde afgelei word? Dink jy dat Brian die hoofoorsaak is van Bettie se houding soos dit uit haar woorde blyk? Motiveer jou antwoord. (3)

13.2.2 Op watter manier speel hierdie woorde 'n rol in Iris se gedagtes later die aand EN hoe sou dít tot 'n antiklimaks aanleiding gee? (2)

13.3 Verwys na Johanna se stelling in reël 16 en 17.

Wie is Johanna? Noem EEN rol wat sy in Iris se lewe vervul. Dink jy hierdie stelling is tipies van die Johanna-karakter? Motiveer jou antwoord met TWEE feite uit die roman. (4)

13.4 In reël 19 kom Kara se nonperiode ter sprake.

Noem EEN rede waarom Iris jaloers was omdat Kara deur haar nonperiode gegaan het. Op watter wyse het Kara se lewe later gekontrasteer met dít wat van 'n non verwag word? (2)

13.5 In reëls 15 tot 20 word vyf vrouens genoem.

Watter EEN van hierdie vrouens het volgens jou die grootste invloed op Iris se lewensfilosofie gehad? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**TEKS H**

Hy het gesug en 'n seepbel tussen sy bakhande geblaas. "Jou familie stel darem hoë eise aan my."

"Net omdat Pa jou gevra het om sy varkhokke te ontwerp? Wat van jou pa wat wou hê ek moet kom dolosse gooi om uit te vind waarom die een wyfie haar eiers uit die nes gooi?"

"Jou bonatuurlike gawes is geboekstaaf; ek is nie 'n huweliksraadgewer nie."

Ek was geneig om saam te stem, maar Hannes en Peter is een Saterdag die veld in, kwansuis om droë hout op te tel vir Elsa se kaggel en wat tussen hulle gesê is – indien enigiets – het ek nooit gehoor nie. Nie een van die betrokke partye het ooit weer iets gesê nie. Of die harige student van die verhoog afgeskuif is, weet ons nie. Die toekoms sal ons leer.

"Miskien het sy student hom laat blom," het ek vir Peter gesê. "Miskien is dit waarna hy gesoek het."

"Hannes is nie so behep met sy blomtyd soos jy nie," was al wat hy wou sê.

"Het Hannes toe sy stuk laat staan?" het Johanna by my probeer uitvis.

Ek het net my skouers opgehaal.

Nog twee karakters wat van die verhoog af verdwyn het, was Eduard en Greta.
Af en toe, wanneer ek langs dokter Anders gestaan en instrumente aangee het, het ek nog met hulle lewe gespeel, maar die vlam was weg.
Hulle het dieselfde romantiese ontknopings te dikwels ondergaan, hulle fut was uit.

13.6 In reël 1 en 2 voel Peter dat Iris se familie hoë eise aan hom stel.

Wat is in hierdie geval die "hoë eise" wat Iris se familie aan hom stel? (1)

13.7 Verwys na reël 6.

13.7.1 Waarna verwys Peter as hy sê dat Iris se "bonatuurlike gawes" bewys is? (1)

13.7.2 Watter afleiding maak Peter se pa oor Iris na aanleiding van hierdie "bonatuurlike gawes"? Watter gevolg het die pa se siening op Iris se hantering van hom enersyds, en die pa se hantering van Iris andersyds? (3)

13.8 Verwys na reëls 17 tot 20.

13.8.1 Watter TWEE funksies het Iris se fantasieë in haar lewe vervul EN watter invloed het dit op haar keuse van werk gehad? (3)

13.8.2 Hoe het die Eduard-en-Greta-storie EN die Peter-en-Iris-verhouding mekaar wedersyds beïnvloed? Verwys in jou antwoord afsonderlik na elkeen se invloed op die ander. (2)

13.9 Herlees reël 19 en 20 van TEKS G EN reëls 7 tot 11 van TEKS H.

Wat word omtrent die verhouding tussen Elsa en Hannes geïmpliseer as in reël 8 van "Elsa se kaggel" gepraat word? Dink jy dat die beeld wat in TEKS G gebruik word om Elsa te karakteriseer, steeds vir haar geldig is ten tye van die gebeure in TEKS H? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Bespreek, in 'n opstel van 400 tot 450 woorde, die verskillende rolle wat Map in die drama *Krismis van Map Jacobs* vervul. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| MAUD: | Hierdie klomp skorriemorrie, layabouts, loafers, Cyril en Richie, en wat hulle name ook al is, ek het vir hulle hier deur die venster dopgehou daar onder, hulle't weer vir Blanchie gemoveer vanoggend … Die skuim … Vir haar name geskree … Jy weet, Cavernelis-darling, I can't take it, I can't take it anymore … |
| CAVERNELIS: | *(skielik opstandig en bitter. Skielik ook lyk hy sterk. Maar hy praat sag)* Die vuilgoed. Ons sake is nie hulle besigheid nie … Blanchie se sake, dit het niks met hulle te make nie! Dis hoekom ek vir jou sê ons moet úit hier … |
| MAUD: | Maar dis precisely omdat ons wil úit, lat hulle vir ons moveer … "O", skree hulle vir Blanchie, "jy's al weer op pad …", en hulle lag hulle disgusting soorte gelag … |
| CAVERNELIS: | Maud! Stop dit! |
| MAUD: | But it's true … |
| CAVERNELIS: | Stop, sê ek! |
| MAUD: | Cavernelis! |
| CAVERNELIS: | Die vullis! |
| MAUD: | Ek sê vir jou, we must get óút of here, óút, óút … |
| CAVERNELIS: | Maar dis mos hoekom … |
| MAUD: | Ja, hoekom jy jou vrek werk by die polony factory, week in en week uit, en dan elke aand ook nog, en weekends ook nog canvass, canvass, canvass, met die soft goods … En dan spot hulle vir jou, lag hulle vir jou, wiet jy dit, oor die soft goods, petticoats en panties, lag hulle, ha-ha-ha-ha-ha … *(Sy lag soos "hulle" lag.)* Soft goods, petticoats en panties, ha-ha-ha … ha-ha-ha. Dáár gaan die man moet die suitcase vol bra'tjies en bloomertjies! |
| *Sy lag en lag, histerie in haar stem.* | |
| CAVERNELIS: | Hulle kan gaan … kan gaan kak! |
| MAUD: | Moenie so praat nie, Cavernelis-darling! … Petticoats en panties! *(Lag en lag.)* |

15.1 Watter geskiedkundige era is daarvoor verantwoordelik dat die Cavernelis-gesin hulle teen hulle sin in hierdie township bevind? (1)

15.2 Verwys na Maud se woorde in reëls 1 tot 5.

15.2.1 Wat is die funksie van die gebruik van die woord "weer" (reël 3) binne die konteks van hierdie gesprek? Dink jy Maud probeer Cavernelis met hierdie woord manipuleer? Motiveer jou antwoord. (2)

15.2.2 Watter afleiding kan oor Maud se houding gemaak word as sy na Cyril en Richie as "skuim" verwys in reël 4? (1)

15.3 "… Vir haar name geskree …" (Reël 4)

Watter name het Cyril en Richie moontlik vir Blanchie geskree EN wat word deur die feit dat hulle vir haar name skree enersyds oor Blanchie en andersyds oor Cyril en Richie geïmpliseer? Dink jy hierdie optrede teenoor Blanchie is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (4)

15.4 Verwys na die neweteks in reël 6.

Van watter belang is die inskrywings in die neweteks vir die karakterisering van Cavernelis? Verwys na EEN van hierdie inskrywings in jou antwoord. (1)

15.5 Cavernelis verwys in reël 7 afsonderlik na "ons sake" EN "Blanchie se sake".

Die leser sou kon aflei dat Cavernelis vir Blanchie uitsluit by die "ons sake" op grond van die feit dat hy afsonderlik na "Blanchie se sake" verwys. Wat behels Blanchie se sake en die "ons sake" afsonderlik? Ná watter gebeurtenis het Blanchie begin saamwerk aan Cavernelis en Maud se einddoel? (3)

15.6 Verwys na reëls 13 tot 19.

Dink jy dit is geloofwaardig dat Cavernelis in reël 13 en reël 17 op een manier reageer en in reël 19 dan heeltemal anders? Motiveer jou antwoord deur na beide reaksies afsonderlik te verwys. (2)

15.7 Verwys na: " Moenie so praat nie, Cavernelis-darling! …" (Reël 29)

Verduidelik die ironie in Maud se woorde. (1)

**EN**

**TEKS J**

TOMMY:
Kom nou, mense,
Tommy Sobotker
at your service!
Don't be nervous!
Tommy Sobotker
at your service!
*En dan sien hy vir Map wat in die deur van Antie Grootmeisie se "council-hys" staan. Hy raak stil, en kyk en kyk.*

TOMMY: *(fluisterend)* Map … Jacobs. Maar dis mos … Map … Ek mien dis mos … Map Jacobs!

*Stilte.*

TOMMY: 'Is mos … Map … van Antie Grootmeisie … Jacobs … Reg? *(Hy sluk.)* Maar … *(Hy lyk verward.)*

MAP: *(starend)* Hello, Tommy! Nei, die twaalf jaar is nog nie verby nie … Ek is yt op parole …

TOMMY: … Jy's …ýt? … Regtig? Hel, ek het gedink miskien is 'ít nie waar nie! …

MAP: Op parole …

TOMMY: Ja … ek siet … Ek siet mos, siet ek? … *(Stap nader aan Map, kyk.)*

MAP: Na sewe jaar …

TOMMY: … Sewe … Hél …

MAP: Dis Tommy Sobotker, ja?

TOMMY: 'Is Tommy Sobotker, ja … Map … Jacobs … die einste! Tommy Sobotker … *(Praat dan vinniger, bewoë amper.)* … het gehoor, lat jy miskien … ek mien Johnnie Jacobs, lat hy ytkom … maar … Hél, hierso stáán Map Jacobs … ek mien Johnnie … hierso staan hy voor my, en ek siet hom moet my eie oë same … Map Jacobs …

MAP: Dis ek, ja …

TOMMY: *(sit sy karretjie neer – dit val eintlik uit sy hande)* So jy's … by die hys … *(Oor na Map, en val Map om die hals.)* Jy's by die hys! Map … Jacobs! *Stilte.*

TOMMY: Ek het … gedink, well, ek siet jou só lank nie weer nie … Ek het … daar gesit destyds in die koort, die hele tyd … en toe hulle jou, well, sentence, die dag … twaalf jare … ek het my asem opgehou … ek siet jou só lank nie weer nie, dink ek … en hierso … hierso staan … Map Jacobs van Antie Grootmeisie … Hél …

15.8 Verwys na reëls 1 tot 6.

15.8.1 Waarmee is Tommy Sobotker hier besig? (1)

15.8.2 Gee EEN karaktereienskap van Tommy Sobotker wat van Cyril en Richie verskil. (1)

15.9 Verwys na reël 7 en 8.

Watter TWEE rolle speel Antie Grootmeisie in Map se lewe? (2)

15.10 Waarom was Map in die tronk? In watter opsig was dit vir Map enersyds voordelig en andersyds nadelig dat hy in die tronk was? (3)

15.11 Verwys na reëls 22 tot 26.

Verklaar hoekom Tommy onseker is oor hoe hy vir Map moet aanspreek. Watter ander karakter in die drama verkies ook om hom eerder Johnnie te noem? (2)

15.12 Verwys na reël 25 en 26 van TEKS I EN reël 28 van TEKS J.

Watter ooreenkoms bestaan tussen Cavernelis se "suitcase" en Tommy se "karretjie"? (1)

**[25]**

## *MIS* – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Bespreek, in 'n opstel van 400 tot 450 woorde, die verskillende rolle wat Konstabel in die drama *Mis* vervul. **[25]**

### VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| MIEM: | Toe nou. Wat verby is, is verby. *(Kort stilte)* Gaan aan met jou werk. *(Skud haar kop en sug hard deur haar neus)* Ja, die ligsinniges. *(Wys weer na die venster)* En op so 'n aand. Hulle wil mos nie glo nie. Dit sou hulle verdiende loon wees as een van hulle dogters vannag die slagoffer is! |
| *Harde nies op die solder.* | |
| MIEM: | *(fluister)* Ek hoop nie hy word siek nie. Laas lente het hy vir 'n maand lank gehoes. Ek bekommer my tog só. As dit net wil warm word. *(Skielik temerig en byna pateties)* Soos 'n mens ouer word, word die bloed dun. Elke jaar word dit al swaarder om die winter te verduur. |
| *Geluid van 'n ou tjor wat nader kom*. | |
| MIEM: | En wie sal dit nou wees? Dié tyd van die aand! *(Gerusstellend)* Toe maar, my kind. Ek sal jou beskerm teen alle gevaar. En as die ergste gebeur, *(kyk op, wys na die valdeur)* sal hy ons nie in die steek laat nie. *(Luister)* Daar stop dit nou. Reg voor ons deur. |
| MEISIE: | *(bang)* Ma! |
| MIEM: | *(beweeg na die venster)* Bly net kalm, my kind. *(Loer)* Ek kan niks sien nie. |
| GERTIE: | *(hard van buite)* Miem! Miem! |
| MEISIE: | Dis juffrou Gertie! |
| MIEM: | Dit klink so. |
| GERTIE: | *(Gertie hamer aan die deur)* Laat my tog inkom. Hoor jy my, Miem! |
| MIEM: | Is dit jy, Gertie? |
| GERTIE: | Ja, Miem! |
| MIEM: | Wag net 'n oomblik. *(Buk af en loer deur die sleutelgat. Sluit dan die deur oop. Die sirkusmusiek kan gehoor word)* |

17.1 Verwys na Miem se woorde in reël 1.

17.1.1 Na watter voorval verwys Miem met die woorde: "Wat verby is, is verby"? (1)

17.1.2 In watter opsig sluit die werk wat Meisie moet doen by die titel EN by hulle sosiaal-maatskaplike omstandighede aan? (2)

17.2 Verwys na reëls 1 tot 4.

Wie is die "hulle" na wie Miem in reël 3 verwys? Watter TWEE karakter-eienskappe van Miem blyk uit haar woorde in hierdie reëls? (3)

17.3 Noem die dramatiese doelstellings van die neweteks in reël 5 EN dié in reël 7 en 8. (2)

17.4 Verwys na reëls 1 tot 9.

Watter afleiding kan die leser maak na aanleiding van die verskillende uitbeeldings van Miem se persoonlikheid? Dink jy Miem se woorde EN handeling deur die loop van die drama weerspreek mekaar? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (3)

17.5 Waarom is Meisie so bang vir die motor wat buite stilhou? Gee TWEE redes. (2)

17.6 Verwys na reël 17.

Waarom is Gertie aan Meisie goed bekend? Noem TWEE feite. Dink jy dit was wys van Gertie om vir veiligheid na Miem se huis te vlug? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (4)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | *(staan op. Kwaad. Beweeg na die deur)* Ek sal gaan, Mevrou. *(Draai by die deur om en laat sy stok val)* Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie. |
| MIEM: | *(nors)* Nou sê jou sê. |
| KONSTABEL: | *(kwaad)* Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind ... of hier nog 'n deur is. Nog 'n plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik oopgebreek word ... iemand kan daar insluip ... U man oorrompel ... Afklim ... en voor ons weet, is hy ... of sy ... tussen ons. |
| GERTIE: | O, Vader! |
| MIEM: | Konstabel ... ek was miskien 'n bietjie haastig. Ek sien ... u dra tog ons belange op die hart. U moet my maar vergewe. Ek is 'n bietjie kort van draad. Dit kom van my ma se kant. Konstabel, sal u tog nie maar bly nie? Ons sal dit waardeer. |
| GERTIE EN MEISIE: | Asseblief, Konstabel. |
| *Die KONSTABEL antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.* | |
| MIEM: | *(oorvriendelik, na 'n stilte)* Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings, bedoel ek? |
| KONSTABEL: | O ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone. |
| MIEM: | Werklik? |
| *MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.* | |
| MIEM: | *(aan die KONSTABEL)* So u sê u werk met vermiste persone, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Ek kan miskien nie sien nie. Maar daarom word ek gebruik. As daar niks is om te sien nie. As iemand uit die oog verloor is. |

17.7 Wat het Konstabel vóór hierdie uittreksel gesê, wat daartoe aanleiding gegee het dat hy die huis moet verlaat? Watter karaktereienskap van Konstabel kom in die neweteks in reël 2 na vore EN watter emosie probeer hy met hierdie handeling uitlok? (3)

17.8 Die drie vroue smeek Konstabel om te bly. Waarom, dink jy, kan dit as dramatiese ironie beskou word? (1)

17.9 Waarom weier Meisie om 'n vingerhoed te dra? (Reël 23) Noem nog 'n optrede van haar wat dieselfde houding impliseer. (2)

17.10 Verwys na reël 23 en 24 van TEKS K EN reëls 14 tot 16 van TEKS L.

Wat is Miem se siening oor die sirkusmusiek in TEKS K en hoe sluit hierdie siening by haar versoek in TEKS L aan dat Konstabel moet bly? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**NOVEMBER 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 57 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
        - relevante verduideliking gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
    - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **<u>nie</u>.**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

**"Vroue van Vermeer" – TT Cloete**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**KODE:**
**R: retoriese middele**
**W: woordgebruik**
**T: teenstellings**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
    - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 retoriese middel, 1 voorbeeld van woordgebruik en 1 teenstelling.
    - ❖ Die kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Retoriese middel: Herhaling** | | |
| Herhaling beeld die vroue se ingeperktheid van die sewentiende eeu uit. | Die woord “klein” wat herhaaldelik gebruik word, dui op die leefwêreld van die vrou wat klein en ingeperk is. | Versreël 4: *klein*<br>Versreël 5: *voor ‘n kleiner ...*<br>Versreël 21: *klein afgemete ...*<br>Versreël 23: *klein aardse...* |
| | Die herhaling van "wêreld" wat juis beklemtoon dat die vrou ingeperk is en nie toegang tot die wêreld het nie. | Versreël 7: *wêreld*<br>Versreël 8: *wêreldkaart* |
| | Herhaling van die woord "sy" – sy word as vrou (as enkeling) uitgesonder en ingeperk met haar take. | Versreëls 2, 3, 12, 13, 17, 18: *sy* |
| **Die herhaling van "meestal" dui aan dat die spreker nie net na 'n enkele skildery verwys nie, maar na Vermeer se kollektiewe werk waarin jong vroue op verskillende maniere binne-in die ruimte van die huis uitgebeeld word.** | Die herhaling van "meestal" beklemtoon dat die figuur meestal 'n mooi, jong vrou is, maar daar is ook skilderye waarin 'n ouer vrou uitgebeeld word. | Versreël 1 en 2: *Dit is meestal 'n mooi jong vrou. / Meestal is sy alleen binnenshuis,* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die herhaling van "in" beklemtoon dat die vroue tot die ruimte "in" die huis beperk is.** | Die herhaling van "in" beklemtoon die binnedring van die geslote ruimte deur die lig van buite om die vrou se beperking tot die binneruimte uit te hef. | Versreëls 20 tot 24: *En altyd is daar lig wat áfstraal / ín in die liefs klein afgemete vertrek, / oorvloedig, uit die oop grote / universum en wat die klein aardse geslote / stilte in die onmeetlike laat asemhaal.* |
| **Woordgebruik** | | |
| **Die weglating van die bepaalde lidwoord, die, in die titel van die gedig dui op die universele lot van vroue in die sewentiende eeu.** | Die vrouefigure in Vermeer se skilderye is tiperend van die milieu waarin hulle hul bevind: die man het gaan werk en die vrou was tipies onderdanig en kuis./slegs 'n sieraad vir haar huis en vir haar man. | Titel: *"Vroue van Vermeer"* |
| **Die woorde "alleen" en "binnenshuis" suggereer die beperkte rol/plek van die vrou.** | Die woordgebruik "alleen" en "binnenshuis" beklemtoon die vrou se ingeperktheid. Sy is meestal afgesonderd en op haar eie. | Versreël 1 en 2: *Dit is meestal 'n mooi jong vrou. / Meestal is sy alleen binnenshuis,* |
| **Die "wit" "veraf" brief in die vrou se hand, dui op kommunikasie van buite en plaas klem op die afstand tussen die vroue in die binneruimte en die geliefdes/mans in die buiteruimte.** | Die brief verteenwoordig die konkrete verbinding met die buitewêreld. Haar eggenoot is buite die binnenshuise grense van die vertrek waarin sy vasgekeer is. | Versreël 3: *dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,* |
| **Die woord "veraf" versterk die idee van afstand tussen die vrou en die man.** | Die afstand versterk die gedagte van inperking van die vrou teenoor die man se beweeglikheid. | Versreël 3: *dalk met 'n wit veraf brief wat sy vashou,* |
| **Die venster beklemtoon die vrou se ingeperktheid.** | Die raam/venster is 'n skeidingsmiddel tussen die buitewêreld en die ruimte waarin die vrou haar bevind.<br>Die vrou wat geposisioneer is voor " 'n kleiner of groter oop venster" kan moontlik dui op 'n smagting na bevryding van haar beperkende en inperkende bestaan. | Versreël 5 en 6: *voor 'n kleiner of groter oop / venster.* |
| **Die gebruik van die woorde "daar" en "kom" bevestig die vrou wat afgesny is van die invloede van buite.** | Die woord "daar" en die gebruik van "kom" dui op beweging, 'n intrede van iets van buite af in die vrou se beperkte omstandighede. | Versreël 6: *Daar kom 'n ligte geruis* |

| | | |
|---|---|---|
| **Woorde soos "land-", "wêreldkaart", "seestrome" en "skeepvaart" staan in teenstelling tot die beperkte, ingeslote binnewêreld waarin die vroulike figuur vasgekeer is.** | Hierdie woorde het betrekking op die seevaarders wat in die sewentiende eeu die wêreld deurkruis het en staan in kontras met die vrou se gebondenheid tot die huis. | Versreëls 7 tot 11: *van 'n wêreld aan uit 'n land- / of groter wêreldkaart / wat teen die muurvlak oorkant / hang, daar waar seestrome en wind loop / met haar land se ganse skeepvaart.* |
| | Die herhalende gebruik van "sy" – sy voer op haar eie, binne die inperking in die huis, bepaalde skeppende aksies uit. Slegs sy doen hierdie aksies en is ook hier ingeperk en alleen. | Versreël 12 tot13: *"Sy staan, sy sit, sy buk oor kant, sy droom ..."* |
| **Die woorde wat na objekte soos "skildery", "spieël" en "wynhouer" verwys, weerspieël die vrou se beperkte bestaan "binnenshuis".** | Die vroue in Vermeer se skilderye is soms vasgevang in 'n skildery, en soms sigbaar in 'n spieël of dofweg in 'n wynhouer. Hierdie weerspieëlingspunte dui telkens op die vrou se teenwoordigheid binne die grense van die huis. | Versreël 16: *ruimte van 'n skildery of spieël of in 'n wynhouer* |
| **Binne die vrou se beperkte ruimte dui die woord "klavesimbaal" op die tydverdryf van die vrou gedurende hierdie tydperk.** | Die woord "klavesimbaal" versterk die gedagte van 'n behoefte aan ontvlugting/tydverdryf deur middel van skeppende aktiwiteite./ kreatiwiteit. | Versreël 17: *… of sy speel klavesimbaal* |
| **Teenstellings** | | |
| **Die kleiner teenoor die groter ruimte dui op die ingeperkte bestaan van die vroue.** | Die "landkaart" teenoor die "wêreldkaart" *asook* die "*klein afgemete vertrek"* teenoor die *oop "grote universum"* dui op die kontras tussen die vrou en die man se leefwêrelde. | Versreëls 7 en 8: *van 'n wêreld aan uit 'n land- / of groter wêreldkaart*<br>Versreëls 21 tot 23: *ín in die liefs klein afgemete vertrek, / oorvloedig, uit die oop grote / universum* |
| **Die milieu van die vrou in 'n rustige, huislike (alleen) atmosfeer word uitgebeeld in kontras met die man se gevaarlike en opwindende seereise.** | Die vrou se eggenoot is buite die vertrek waarin sy haar bevind. Hy is waarskynlik iewers op een van die plekke op die groter kaart wat teen die muurvlak hang. Die kontras tussen die vrou wat meestal binnenshuis is teenoor die man wat buitenshuis is en die buitewêreld ontdek, suggereer ook die grense/beperkings van die vrou. | Versreëls 21 tot 23: *ín in die liefs klein afgemete vertrek, / oorvloedig, uit die oop grote / universum* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die teenstelling tussen die binne en buiteruimtes beklemtoon die verskillende leefwêrelde van vroue en mans in die sewentiende eeu.** | Die verwysings na die buitewêreld (bv. die "veraf brief" en die "wêreldkaart") is in teenstelling met die geslote, beknopte binnewêreld waarin die vroulike figuur vasgevang is. | Versreël 3: *veraf brief wat sy vashou,*<br>Versreël 8: *groter wêreldkaart* |
| **Die kleiner teenoor die groter oop venster dui op 'n smagting na bevryding van hierdie vroue se beperkende en inperkende bestaan.** | Die venster kan beskou word as 'n kanaal of weg na die groter buitewêreld en dui dus die skeiding tussen die vroue se beperkende ruimte teenoor die vryheid van die buiteruimte aan. | Versreël 5 en 6: *voor 'n kleiner of groter oop / venster.* |
| **Die ingeperktheid van die aardse bestaan kontrasteer met die onmeetlikheid van die ewigheid.** | Die gebruik van "geslote" by "klein aardse stilte" beklemtoon die beperktheid van die aardse lewe teenoor die gedagte van asemhaal wat met die ewigheid gepaard gaan. | Versreël 23 en 24: *universum en wat die klein aardse geslote / stilte in die onmeetlike laat asemhaal.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Die bokser" – Ernst van Heerden**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | "kryt" ✓ | 1 |
| 2.2 | "fier"/"skynhou"/"slaan"/"ritmies"/"sterk"/"fel"/"mik"/"koes"/"wieging"/"woes"/"blits"/ "liemaak"/"skerm" ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 2.3 | Die woord "maar" verander die fokus na die aftakeling/weerloosheid van die bokser./lig die bokser se weerstand wat verswak, uit. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die woord "tog" versterk die tema van sterflikheid van die mens./dui aan dat die geveg eintlik 'n figuurlike geveg is wat elke mens teen sy eie sterflikheid voer. /<br>Die woord "tog" versterk die tema van veg voort (totdat ons sterf). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.4 | Die beletselteken is effektief/geslaagd:<br><br>Dit suggereer die dramatiese neerstort/handeling/beweging van die uitgeslaande bokser./wanneer die bokser platgeslaan word./tydsverloop wanneer die bokser platgeslaan word./beklemtoon die onsekere uitkoms/onsekerheid oor die bokser se toekoms.✓<br><br>*Die kandidaat kan nie aandui dat die beletselteken NIE effektief/geslaagd is NIE.* | 1 |
| 2.5 | Ja<br>Die retoriese vrae betrek die leser by die gebeure van die boksgeveg./laat die leser nadink oor die aftakeling van die bokser./is effektief omdat dit op die spreker se aftakeling/onbegrip/onvermoë om die naderende dood te aanvaar fokus./<br>Die retoriese vrae suggereer dat 'n buitestander nou aan die woord is./die bokser besig is om sy bewussyn te verloor./beklemtoon die anonimiteit van die bokser./dat die leser hom met die bokser se lot kan vereenselwig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 2.6 | <u>Letterlik</u>: (Die gebruik van rymende koeplette ondersteun) die uitbeelding van twee opponente wat in die boksgeveg betrokke is. ✓<br><br>**EN**<br><br><u>Figuurlik</u>: (Die gebruik van die rymende koeplette sluit by die idee aan dat) dit nie twee boksers is nie, maar elke/enige mens wat teen sy eie sterflikheid baklei. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Tsunami" – Kobus de Wet**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die gedig handel oor 'n (spesifieke) tsunami (wat Japan op 11 Maart 2022 getref het). ✓<br><br>**EN**<br><br>"woedend" ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.2 | Alliterasie/w-alliterasie/<br>Assonansie/ee-assonansie ✓<br><br>**EN**<br><br>Die gebruik van die beletselteken aan die einde van versreël 5 laat die leser toe om verder te dink oor die totale magteloosheid van die mense teenoor die kragtige tsunami./skep die oorgang tussen die krag en die gevolge van die tsunami. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.3.1 | Ja<br>Die gebruik van enjambemente ondersteun die voortsetting van die aksie/die verwoesting/onkeerbaarheid van/deur die tsunami terwyl dit van die see na die land beweeg./beklemtoon die paniek terwyl die tsunami teen 'n baie vinnige tempo skade aanrig. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3.2 | (Die vergelyking van "duisendtalle" met "oggendmis") dui op die weerloosheid van die mens teenoor die tsunami./onkeerbaarheid van die skade wat die tsunami (sal) aanrig./die vinnige tempo waarteen die mens se lewe deur die tsunami ontwrig (sal) word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3.3 | (Die tipografiese wit spasie) beklemtoon die leemte wat gelaat is nadat duisende hulle lewens verloor het./die verdwyning van duisende mense onder die water./ spasie suggereer die verdwyning van die mense. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Ja<br>Die tsunami/monster het "duisendtalle" slagoffers geëis./<br>Dit verwys na die wekelange naskokke wat op die ramp volg. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | C/Assonansie ✓ | 1 |
| 3.6 | Ja<br>Die monster het slegs "teruggetrek" en is nie vernietig nie (wat dus 'n volgende aanslag in die vooruitsig stel).<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>"na die dieptes" kan die idee skep dat die monster ver weg is./nie maklik weer na die oppervlak sal terugkeer nie.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**
**"Suiwer wiskunde" – NP van Wyk Louw**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "uurwerk kantel" ✓<br><br>**EN**<br><br>Die by sou nie die blom kon bestuif nie./Die blom sou nie bevrug kon raak nie./Geen nuwe lewe sou kon voortspruit nie./Die blom sou nooit kon saadskiet nie./Die blom sou nie doodgaan/"welk" nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 4.2 | Die punt word gebruik om die stolling van tyd uit te hef./Die punt illustreer die stilstand./finaliteit./oomblik van stilte. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.3 | Die <u>voorplasing</u> van "hang"/"hang roerloos" (versreël 2) dui op beweginloosheid./beklemtoon dat die by nie die blom kon bereik nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die <u>vergelyking</u> ("het stil soos ys gaan staan" in (versreël 5)) dui op verstarring/ inperking (wat 'n kontras met die vrye beweging van lug vorm). ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.4 | D/Alliterasie ✓ | 1 |
| 4.5 | Die normale funksie van die enjambement is gewoonlik om beweging en vloei aan te dui, MAAR hier word dit juis gebruik om die stolling van tyd te beklemtoon./die gevolge van stolling van tyd te bind. /<br>'n Mens sou verwag dat 'n gedig wat oor "stolling" handel baie leestekens het wat beweging juis sou stuit, maar die gebrek aan leestekens versterk die gedagte van groei./beweging. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die ironie vir EEN punt verwys.*<br><br>**EN**<br><br>Die (kruis-)rym beklemtoon die beweginloosheid./strakheid./plaas ekstra klem op die woord "versuim" sodat die verlies wat met die stilstand van tyd gepaard gaan, beklemtoon word./beklemtoon die einde van lewe. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.6 | Die afwesigheid van kleur is ook een van die gevolge van tyd wat kantel./dui daarop dat, wanneer tyd stilstaan, kleur ook verdwyn./Kleur simboliseer lewe en die afwesigheid van kleur versterk die gedagte dat alle vorme van lewe ophou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"november" – Bibi Slippers**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "november kom soos 'n gaap (uit die oop kaak van die jaar)" ✓<br><br>**EN**<br><br>Die jaar maak amper klaar (soos iemand wat na 'n lang dag moeg is en wil gaan slaap)./Die mense is moeg na 'n lang jaar se werk (en dra hulle moegheid op die jaar oor). /<br>(Teen die agtergrond van die konteks van die gedig) kan die vergelyking daarop dui dat die einde van die jaar 'n mens onverwags oorval. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.2.1 | Hy/Sy het op 'n digitale toestel/rekenaar/foon gewerk./op sosiale media verkeer./ niks positiefs/standhoudends gedoen nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.2.2 | Nee<br><u>Woordgebruik</u>: Die spreker voel tyd het op hom/haar "uitgeloop" (is met ander woorde verkwis)./<br>Hy/sy voel hy/sy het tyd "oorryp" (met ander woorde vrot) laat word./<br>Hy/sy voel dat sy/haar siel 'n "af yskas" is (met ander woorde nie 'n verfrissing nie). ✓<br><br><u>Retoriese middele</u>: Die retoriese vrae dui die spreker se mismoedigheid oor/bevraagtekening van die gebruik van sy/haar tyd aan./<br>Die herhaling van "hoeveel" beklemtoon dat die spreker dink dat hy/sy sy/haar tyd gemors het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Die fokus verskuif van die werk na vakansie hou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*<br><br>**EN**<br><br>Beide aktiwiteite is volgens die spreker nutteloos. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*<br>.<br>**EN**<br><br>"glasstukke" ✓ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.1 | Die enjambemente lê veral klem op die "geskarrel"/gejaagdheid van die spreker se lewe (sonder om iets te bereik)./die feit dat die spreker nooit tot stilstand kom/tyd vir hom-/haarself maak nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.4.2 | Die afwesigheid van hoofletters/gebruik van die vrye vers/afwesigheid van 'n rymskema/herhaalde gebruik van voegwoorde/polisindeton ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**KODE:**
**M: Modelleerders**
**V: Verdagte**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKSTE TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Greg se keuses veroor-saak dat hy van 'n top-presteerder verswak tot 'n akademiese sukkelaar, wat inspekteur Cele se agterdog wek.** | Greg is 'n akademiese top-presteerder van wie nege onderskeidings in matriek verwag word. | Bl. 164: *"Hy verwag nege onderskeidings van my."* |
| | Greg se verset teen bloot sy pa se clone te wees, lei daartoe dat hy dikwels gelate is oor die agteruitgang van sy punte. | Bl. 70: *"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie?" "Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê. En in pappa se voetspore kan volg,"*<br>Bl. 73: *Is hy reg? En as hy reg is, gaan my toekoms ook soos my pa s'n lyk? Daardie ewige rat race die wêreld vol, om soveel geld as moontlik te kry. Maar die ou wat die rat race wen is steeds 'n rot, is hy nie?*<br>Bl. 165: *"Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor ...* |
| | Na Greg se bekendstelling aan hacking veroorsaak die op-winding daarvan dat hy doel-bewus sy akademie afskeep. | Bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê ... Ek sal my agterent in rat moet kry ... Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Toe die skool na Greg se mening nie genoeg doen om Eckardt op te spoor nie, besluit hy om self alles in die stryd te werp om uit te vind wat met Eckardt gebeur het en sy akademie ly verder daaronder. | Bl. 178: *"Ek sit hier met jou skoolpunte van verlede jaar en hierdie jaar." ... "En ek moet sê, dit lyk nie vir my of daardie onderskeidings binne jou bereik is nie. ... Amper of dit nie dieselfde leerder se punte is nie." ... Sy is reg. My skoolpunte het drasties geval hierdie jaar. Ek het meer tyd aan hacking spandeer as aan skoolwerk.* |
| **Greg skeep ook al hoe meer sy ander skool-verpligtinge af wat tot agterdog lei.** | Greg is aan die begin van matriek die hoofseun wat leiding neem en deur sy maats gevolg word, maar sy keuses bring mee dat hy sy pligte afskeep en selfs deur sy medeleerders as 'n loser beskryf word. | Bl. 193: *"Jy's hulle hero, Greg. Veral die jong outjies."*<br>Bl. 58: *"Ek het hom op sy plek gesit gisteraand by die VRL-vergadering. Dís hoekom ék kan laat lê, en hý vanoggend moet sukkel om die Trappers uit hulle beddens te jaag."*<br>Bl. 165: *Selfs Kwanele is minder op my case. Hy het al omtrent die VRL oorgeneem, dink ek. Dis in elk geval wat hy wou hê. Ek gee tog nie meer om nie.*<br>Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?*<br>Bl. 165: *Loser. Daardie woord krap nog en dít voel ál nader aan die werklikheid.* |
| | Greg speel aanvanklik vir die eerstespan rugby, maar is bereid om dit op te offer om Dok Pienaar te dwing om iets aan Eckardt se verdwyning te doen en om later self te probeer uitpluis wat met Eckardt gebeur het. | bl. 76: *"… dis die kollege se plig om iets daaromtrent te doen. Nou! En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie." "Ek gaan jou nie dwing om te speel nie. … as jy met my verskil, gaan sit dan maar in jou koshuiskamer …"*<br>Bl. 179: *"Jy sê die rugby hou jou onder meer vreeslik besig, maar dis nie wat ek hoor nie. Jy het Saterdag 'n groot wedstryd gemis ..."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg se keuse ten opsigte van sy vriendskappe veroorsaak dat hy 'n verdagte word.** | Greg is aan die begin die gewilde vriend en leerder na wie die ander opkyk en met wie almal tyd wil spandeer. | Bl. 193: *"Jy's hulle hero, Greg. Veral die jong outjies. Hulle sien op na jou," sê Eckardt, rustig soos altyd.* |
| | Na Greg se aanvanklike vyandigheid teenoor Eckardt vind hy in Eckardt 'n plaasvervanger vir sy broer John en dié vriendskap bring mee dat al sy skoolaktiwiteite daaronder ly. | Bl. 53: *"Ek en 'n paar van my pelle sal hom gou uitsort. Nes ons die graadagts gaan uitsort."*<br>Bl. 63: *"Nee! Los hom net." Ek steek my hand uit na Eckardt ... Toe trek ek hom self uit die donker gat."*<br>Bl. 119: *Hy is iemand met wie ek kan praat as dinge by die skool pla. Eckardt sal luister as ek hom vertel van Nicole en hoe ek oor haar voel. Oor my pa … En my ma wat huilend gebel het …*<br>Bl. 180: *"Jy raak bevriend met iemand wat baie ander mense as 'n buitestander sou bestempel ... Skielik is daar 'n groot verandering in jou skoolaktiwiteite. En dan raak hierdie ou weg."* |
| | Soos Greg kies om, onder Eckardt se invloed, toenemend by hacking betrokke te raak, vertel hy leuens vir sy vriende en skeep hulle af. | Bl. 83: *"Beauty sleep," lieg ek. Ek kan tog nie vertel van die email wat ek gestuur het nie.*<br>Bl. 161: *"Net nog 'n halfuur, TJ, asseblief."*<br>*"Nee, kom! Lyk my jy en daai laptop van jou is deesdae soos 'n Siamese tweeling."* |
| | Uiteindelik lei Greg se optrede tot 'n vertrouensbreuk in sy verhouding met TJ en Plank, en wanneer hy wél 'n stukkie waarheid met TJ deel, verraai TJ hom. | Bl. 162: *Dit is toe dat 'n angswekkende gedagte by my posvat. Het die ander ouens nie dalk iets aan Eckardt gedoen nie ... Dalk is dit hoekom Plank netnou gefrons het ... Weet Plank wat aangaan?*<br>Bl. 169: *TJ bly 'n ruk lank stil, toe sê hy: Jy lieg vir my. Hoe lank nou al. Dink jy ek is stupid ..."*<br>Bl. 169 en 170: *"En toe kyk ek vir TJ reg in die oë. "Belowe my jy vertel vir niemand nie."* ...<br>"Eckardt is 'n hacker, TJ."<br>Bl. 176: *TJ! Uit die manier wat hy na my kyk, weet ek: die klein vark het gaan squeal.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Sy ander skoolmaats verloor vertroue in hom en noem hom selfs 'n loser. | Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?*<br>Bl. 85: *"Kom ouens, vinniger!" por ek hulle aan. "Loser," kap een sag.*<br>Bl. 165: *Loser. Daardie woord krap nog en dít voel ál nader aan die werklikheid.* |
| **Greg se besluit om by die onderwêreld van hacking betrokke te raak maak van hom 'n verdagte.** | Greg besef gou dat hacking soos 'n adrenaliensport is en versoek Eckardt om hom te leer hack. | Bl. 78: *"Maak toe die kamerdeur. Cyberspace se onderwêreld wag ..." Donker woorde, stikvol opwinding.*<br>Bl. 81: *In my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar wat net skuins agter opwinding lê. "Sal jy my leer?"* |
| | Greg se betrokkenheid by hacking bring 'n gemaklikheid met die verbreking van reëls mee, sodat hy byvoorbeeld ligte-uitreëls verontagsaam en by die netwerkkamer van die skool inbreek. | Bl. 89: *Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissiplinepreek vir die VRL's.*<br>Bl. 127: *Voor die netwerkkamer. Ek kyk weerskante af in die gang. Daar is niemand ...* |
| | Hacking bring mee dat Greg se optrede teenoor sy maats verander, wat tot wantroue lei. | Bl. 169: *TJ bly 'n ruk lank stil, toe sê hy: Jy lieg vir my. Hoe lank nou al. Dink jy ek is stupid ..."* |
| | Omdat Greg soveel tyd aan hacking afstaan, skeep hy sy skoolpligte, soos sy hoofseun-skap, akademiese verpligtinge en rugbyverantwoordelikhede, af. | Bl. 103: *Ek draai terug na Kwanele. "Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan?"*<br>Bl. 178: *Ek het meer tyd aan die hacking spandeer as aan skoolwerk. Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport.*<br>Bl. 179: *"Hy was Maandag by die oefening, maar toe was sy been seer. Siestog."* |
| | Omdat hacking onwettig is, kan Greg ook nie die waarheid daaroor vertel nie en dit laat hom nog meer skuldig lyk as sy betrokkenheid uiteindelik openbaar word. | Bl. 178: *"En jy, Greg? Het jy ook rekenaars gehack?" "Nee," antwoord ek. "Ek stel nie juis belang in computers nie."*<br>Bl. 178: *Kan ek haar vertel waarmee ek besig is? Het ek al genoeg getuienis teen Dok? Nee, skree iets binne my.* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 179: *"Al hierdie goed," gaan sy aan, "laat my tot 'n slotsom kom wat jou nie baie goed laat lyk nie, Greg ... die ding oor die hacking wat jy eers stilgehou het totdat een van jou vriende vir ons kom vertel het."* |
| **Greg se keuse om toenemend leuens te vertel, bring mee dat hy sy geloofwaardigheid inboet.** | Greg vertel leuens aan sy pa oor sy akademiese vordering en vervals selfs sy April-rapport. | Bl. 165: *"Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor ...*<br>Bl. 99: *En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer ... 'n wiskundetoets.*<br>*Bl. 178: Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport.* |
| | Greg lieg vir sy pa, vriende, meisie en die polisie oor sy betrokkenheid by skool-verpligtinge, sodat hy meer tyd aan hacking/die soektog na Eckardt kan afstaan. | Bl. 84: *Toe moet ek Nicole se oproep skielik kortknip ... "Sorry, Nicole. Ek bel jou later. Ek moet nou gaan."*<br>Bl. 165: *Ek moet nou gaan, die ouens wag vir my dat ons kan gaan oefen ... Weer 'n leuen. Daar is niemand wat vir my wag nie. En ek gaan ook nie rugbyoefening toe nie.*<br>Bl.179: "*Jy sê die rugby hou jou onder meer vreeslik besig, maar dis nie wat ek hoor nie. Jy het Saterdag 'n groot wedstryd gemis ..."* |
| | Greg lieg oor sy en Eckardt se betrokkenheid by hacking en inspekteur Cele sien juis dít as verdagte optrede. | Bl. 179: *"Al hierdie goed," gaan sy aan, "laat my tot 'n slotsom kom wat jou nie baie goed laat lyk nie, Greg. Jou naam op die selfoon, die MMS ... die ding oor die hacking wat jy eers stilgehou het totdat een van jou vriende vir ons kom vertel het.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | John het selfdood gepleeg./'n oordosis pille gedrink. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die druk wat Greg se pa op John geplaas het./Die verwagtinge wat Greg se pa van John gekoester het om te presteer het (volgens Greg) vir John te veel geword. ✓<br>John het pille gedrink wat afkomstig was van Plus Ultramed/'n farmaseutiese maatskappy waarby Greg se pa betrokke was. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 7.2 | Greg sien iets van John se oë (tydens die Trapper-ritueel) in Eckardt en daarom word hulle vriende./<br>John het vir Greg aan adrenaliensportsoorte bekendgestel, daarom val hy vir Eckardt se uitdaging om by kuberkrakery betrokke te raak./<br>John was Greg se steunpilaar/vertroueling, daarom is Greg kwesbaar vir Eckardt se manipulasie omdat hy by Eckardt simpatie/begrip kry ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.3 | Greg verwag/dink dat Eckard se insig uit sy goeie mensekennnis/toegeneentheid jeens hom/hul diepe vriendskap spruit, MAAR kom later agter dat Eckardt baie deeglik navorsing oor Greg gedoen het./geweet het dat Greg die modelkind moes word./hom met hierdie kamma insig sosiaal manipuleer om uiteindelik Dok Pienaar (en sy pa) se misdade aan die kaak te stel. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die ironie vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 7.4.1 | Onsekerheid/twyfel/wantroue ✓<br><br>**EN**<br><br>Greg vang vir Eckardt op Jeffreysbaai (in die gang) naby Nicole se kamer./vermoed dat Eckardt in die nag by Nicole was./Hy het opgemerk hoe Nicole tydens die vakansie na Eckardt kyk. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.4.2 | Ja<br>Sy dra by om van Greg 'n geloofwaardige karakter te maak as 'n 18-jarige, gewilde hoofseun./<br>Sy ontbloot Greg se vrees dat hy nog iemand vir wie hy lief is, aan selfdood sal afstaan./<br>Sy lei tot uiterlike konflik tussen Greg en Eckardt./<br>Sy lei tot karakteropenbaring by Greg./Eckardt./<br>Haar gewone tienerprobleme verhoog innerlike konflik/spanning by Greg.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy het bykans geen invloed op die hoofintrige nie./Die leser kry geen idee van hoe sy Greg se ontboeseming oor Eckardt ervaar nie./Die karaktereienskappe wat sy by Greg/Eckardt ontbloot, word ook deur ander karakters aan die lig gebring. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke feite vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.5.1 | Greg weet hoe ver hy al gefaal het in die ideale wat sy pa vir sy matriekjaar koester./<br>Greg besef/vrees dat hy nie aan sy pa se verwagtinge kan voldoen nie./<br>Dit was nooit Greg se ideale nie, maar hy sukkel om dit reguit van sy pa te sê. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.5.2 | Greg is moedeloos/opstandig oor/verset hom teen sy pa se verwagtinge. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Greg voel ontsteld omdat hy aan die eenkant graag sy pa gelukkig wil maak, maar hy besef dat hy nooit aan sy pa se verwagtinge kan voldoen nie./<br>Greg weet hy kan nie aan sy pa se verwagtinge voldoen nie, maar hy het nog nie die moed om dit aan sy pa te erken nie.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die innerlike konflik vir EEN punt verwys.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.6 | Greg voel ongemaklik oor die feit dat die gesprek te na aan sy eie (onverwerkte) emosies kom./<br>Greg voel ongemaklik oor die feit dat Eckardt nie soos hy oor sy toekoms voel nie./dat Eckardt aan hom uitwys dat hy eintlik die drome van 'n loser het./<br>Greg wil nie verder daaraan herinner word dat hy nie soos sy pa oor sy toekoms voel nie./dat Eckardt soos sy pa na die lewe kyk nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.7 | Hacking het Greg positief beïnvloed:<br>- Hy het Project Nursery Rhyme ontbloot./nog mense se dood voorkom./<br>- 'n Nuwe identiteit vir homself geskep. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Hacking het Greg negatief beïnvloed:<br>- Hy het leuens aan sy vriende/ouers vertel./<br>- Hy het sy plig versuim./<br>- Hy het betrokke geraak by wetteloosheid./<br>- Hy het sosiale manipulasie gebruik (om Eckardt op te spoor)./<br>- Hy het sy waardes ingeboet. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.8 | Clarens ✓ | 1 |
| 7.9 | Greg se teleurstelling (dat sy pa Dok Pienaar/sy sakebelange bo hom plaas) word verwoord. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN** | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg wil sy pa konfronteer met die bewerings wat Eckardt gemaak het./Konflik gaan ontstaan tussen Greg en sy pa oor sy pa se aandeel in Project Nursery Rhyme./John se selfdood./die regter se verdwyning. ✓<br><br>**EN**<br><br>Omdat Greg so fyn ingestel is op sy ma se emosies/haar gemis aan John/haar vrees dat hý iets kan oorkom, besef hy wanneer hy die paniek in haar oë sien, dat hy daaraan aandadig is dat sy moontlik haar man gaan verloor./besef hy dat haar paniek groter as sy woede is en dit kalmeer hom. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.10 | The Candlestick-maker ✓<br><br>**EN**<br><br>Die naam is gepas.<br>Greg se pa moes sy mediamaatskappy gebruik om die gevare van die nuwe siekte aan die lig te bring (sodat mense die vaksine sou koop). ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.11 | Eckardt het die naam Ekk-0 gekies (na sy pa se selfdoodpoging) omdat dit die vrees kon verdryf./die magteloosheid kon verwoord om na antwoorde te soek./ net eggo's uit die onderwêreld te kry. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nie Ekk-0 of Eckardt/een van die name is hierdie karakter se werklike identiteit nie./Albei name verskuil wie hy werklik is./Albei name is vals. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.12 | Ja<br>Waar Greg in TEKS A sy pa bloot as geharde sakeman/'n harde pa beskou, kry hy in TEKS B die insig dat sy pa ook 'n mens (van vlees en bloed) is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE:** |
|---|
| **B: Baas** |

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Baas word as alleenmens gekarakteriseer as hy na sy ouers se dood kies om op die plaas aan te bly en sy beeste te jag om iets van sy erfporsie te probeer behou.** | Sy enigste geselskap is sy hond, Brindle, as hy maande lank sy beeste jag en die vleis verkoop. | Bl. 12: *… en beland in 'n jare lange politieke oorlog om iets van sy erfporsie te probeer behou. Uit desperaatheid word hy jagter. Maande lank jag hy meedoënloos sy eie beeste in die mopanieveld van Sable Ranch.* |
| **Baas word as weeskind wat na die gemeensaamheid van sy gesin smag, gekarakteriseer wanneer hy na sy familie in die Houtboschberg terugkeer.** | Hy is soekende na die warmte en liefde wat hy by sy ouers gevind het./Hy keer terug na die plek van sy jeug en gaan werk by die saagmeule wat lank terug aan sy pa behoort het. | Bl. 13: *In 1991 pak hy sy aardse besittings op die Land Rover en gaan terug na sy plek van herkoms om iets van die drome van sy jeugjare terug te vind.*<br>Bl. 14: *In die huise van die enkele familielede wat nog in die gebied oor is, kry Baas die warmte van gemeensaamheid waarna hy dikwels na sy pa en ma se dood verlang het.* |
| **Baas se verset teen Christendom en geloof na sy ouers se dood word getoon deur sy keuse om nie meer saans godsdiens te hou nie.** | Wanneer Baas uiteindelik op Manaka kom, distansieer hy homself heeltemal van enige geestelike aktiwiteite. | Bl. 13: *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal, en uiteindelik glad nie meer nie, is dit of die hond aand na aand wag vir die ritueel.* |
| **Baas bly soekend en besef dat sy familie nie die leemte in sy lewe kan vul nie, daarom kies hy om Suid-Afrika te verlaat.** | Die bosbouwerk en nabyheid van sy familie bevredig hom nie. Hy besoek selfs nie eens sy jeugvriend wat in die hospitaal is nie. | Bl. 14: *Tog besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei … Hy aanvaar 'n pos as toergids by 'n safarimaatskappy in die noorde van Botswana.* |
| **Baas se besluit om die whippet-tefie Lady te noem, is bewys van sy soeke na sy moeder se liefde./die leemte wat haar dood in sy lewe gelaat het.** | Hy onthou hoe sy ma in die tuin blomme gesny het, maar besluit ten spyte daarvan dat hy nie haar Bybel wil inpak nie. | Bl. 14: *In 'n bedding dahlias loop sy ma en blomme sny ... Hy besluit om die whippet-tefie Lady te noem.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas se assosiasie met sy oupagrootjie se bootdroom definieer hom. Daarom besluit hy om sy oupagrootjie se drome na te jaag.** | Langs die Okavangodelta bestudeer hy saans kaarte van Barotseland en die gebiede langs die Zambezirivier. | Bl. 15: *Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie.*<br>Bl. 15: *Langs die Okavangodelta besef hy opnuut hoe sterk die moontlikheid vir toerisme in die wildernisgebiede is.* |
| **Baas word as 'n vasberade mens wat sy oupagrootjie se droom ten alle koste wil verwesenlik, gekarakteriseer as hy kies om die werksaanbod as bootsman van die hand te wys.** | Baas se kop staan Barotseland se kant toe en dit is dan ook die rigting wat hy inslaan in 'n poging om op sy oupagrootjie se voetspore te loop. | Bl. 18: *"Hoe op aarde het oupagrootjie Dennis gedink gaan hy 'n boot hier verby kry, my honne?" ... Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde Manaka Evangelical Mission netjies daarop geverf.*<br>Bl. 34: *Niemand anders as Dennis Chipman kon hierdie ranker geplant het nie, besef hy.*<br>Bl. 40: *Na twee en negentig jaar het Manaka weer 'n Chipman vir 'n baas.* |
| **Baas kies uiteindelik om eerder die Zambezi Joy te koop as sy eie boot te bou – wat hom as verstandig en realisties karakteriseer** | Baas besef dat hy nie die geld het om sy eie boot te bou nie en dat die verbeterings aan die Zambezi Joy minder geld sal kos. | Bl. 38: *Dit is die kans van 'n leeftyd. Die soort geld wat hy nodig het om sy eie boot te bou, besef hy lank reeds, het hy doodgewoon nie.* |
| **Baas se keuse om onbe-trokke by die gemeenskap van Barotseland te bly karakteriseer hom steeds as alleenloper./iemand met 'n wrok omdat sy ouers vermoor is./iemand wat eerder gefokus op sy eie drome bly.** | Aanvanklik ignoreer hy bloot die mense van Barotseland, maar raak teen sy sin betrokke as eers die dogtertjie van Manuel en later Grace malaria opdoen – en hy gee in beide gevalle sy laaste malariapille om hulle lewe te red. | Bl. 28: *"Ek is nie 'n dokter nie," beduie Baas so goed hy kan. "Ek dra nie voorraad van die goed nie." Hy het net genoeg malariapille vir homself gebring.*<br>Bl. 29: *Baas weet hy gaan hom laat saamsleep.*<br>Bl. 43: *"Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring."*<br>Bl. 35: *Vir Manuel en sy gesin koop hy pakke mieliemeel en suiker. By die hospitaal kry hy 'n groot voorraad chlorokien ...* |
| | Die feit dat Baas nie getrou aan hierdie besluit kan bly nie en keer op keer by mense in nood betrokke raak, is 'n vooruitwysing na wat Whitey later die "familiekwaal" sou noem. | Bl. 178: *"Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terugverwag nie. Dis 'n familiekwaal."*<br>Bl. 234: *Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe 'n kampvuur in die nag werk ... waar Manuel ... sit en wag vir Iemand om sy siek kind gesond te maak?* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas kies om in isolasie sy eie probleme te probeer oplos/vir homself 'n lewe te skep omdat hy na sy ouers se dood nie weer aan die verlies van mense na aan hom onderwerp wil word nie.** | Hy jaag vir Grace weg as sy hom wil help. | Bl. 63: *Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Na my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"*<br>Bl. 93: "*Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."*<br>Bl. 94: *"Ek sal my eie probleme oplos, dankie."*<br>Bl. 93: *"Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens ..."* |
| **Baas se reaksie elke keer as hy met Christenskap gekonfronteer word, dui op sy keuse om niks met Christenskap te doen te hê nie, omdat dit nie sy ouers van boosdoeners kon red nie.** | Baas vloek as hy hoor dat ouma Essie hom 'n Christen noem omdat hy vir Grace malariapille gegee het. Hy weier om saam met oom Scholtzie en die Du Pisani's te bid./Nagmaal te vier. | Bl. 91: *"Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."*<br>Bl. 126: *Ek is nie in Barotseland om sendingwerk te doen nie."*<br>Bl. 108: *"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef." ... "Ag nee, wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte."* |
| **Baas se keuse om Grace toe te laat om hom te help wys hoe swak hy as gevolg van die siekte is.** | Hy erken dat hy iemand in sy lewe nodig het, iemand wat hom soos sy ma kan verpleeg. | Bl. 60: *Grace moet Baas help om tussen die tou mense deur te kom wat vir hulle medisyne wag ...*<br>Bl. 61: *Sy dra die kartondoos ... op haar kop.* |
| **Baas se keuse om uiteindelik die Du Pisani's te help om vir hulle 'n huis te bou karakteriseer hom as iemand wat nie kan nee sê nie ten spyte van sy onwilligheid om by geestelike sake betrokke te raak.** | Baas besluit om die Du Pisani's te help omdat hy nie vir ouma Essie nee kan sê nie. | Bl. 118: *" ... Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry."*<br>Bl. 183: *Baas en Nanna staan langs mekaar op hulle knieë om die dekgras oor die kerk se nat vloer te versprei ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas se keuse om uiteindelik die Du Pisani's te help om vir hulle 'n huis te bou karakteriseer hom as iemand wat nie kan nee sê nie ten spyte van sy onwilligheid om by geestelike sake betrokke te raak.** | Baas besluit om die Du Pisani's te help omdat hy nie vir ouma Essie nee kan sê nie. | Bl. 118: *" ... Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry."*<br>Bl. 183: *Baas en Nanna staan langs mekaar op hulle knieë om die dekgras oor die kerk se nat vloer te versprei ...* |
| **Baas kies om nie by Riekert se diamantsmokkelary betrokke te raak nie, wat sy sterk morele waardes en sin vir wat reg en verkeerd is, karakteriseer.** | Riekert het gehoor dat Baas finansiële probleme het en dink Baas sal 'n maklike teiken wees om by diamantsmokkelary betrokke te raak, maar Baas jaag hom weg. | Bl. 132: *"Moenie my verkeerd verstaan nie, Baas. Ek probeer glad nie insinueer dat jy finansiële probleme het nie. Ek sê net ... ek betaal goeie pryse ..."* |
| **Baas se keuse om vir Whitey van sy eie familieverwant-skap met die sogenaamde Baas Dennis te vertel is bewys daarvan dat hy respek vir Whitey het./ gereed is om hom as familielid te erken./besef dat Whitey ook nie familie het nie.** | Baas vra Whitey uit oor die vorige Baas Dennis en vul Whitey se ontbrekende kennis met sy eie feite aan. | Bl. 174: *"O, die ou buffeljagter? Ja, hy was my oupagrootjie. Hy was 'n Kanadees ..."*<br>Bl. 175: *"Sê my, op watter manier ... was die ou man jou oupagrootjie?"* |
| **Baas kies om Nanna se toenadering van die hand te wys omdat sy 'n getroude vrou is, wat sy morele oortuiging bewys.** | Nanna bring vir Baas 'n worsstopper as geskenk en kom lê by Baas om toenadering te soek, maar hy verkies om nie daarop te reageer nie. | Bl. 235: *Baas antwoord nie. Sy staan op ... Die Datsun ry in die nag weg.* |
| **Baas se keuse om die Lozi-stam se gebruike te respekteer/vroue met respek te behandel dui op sy eie morele waardes.** | Baas hou nie daarvan dat die Lozi-vroue soos die kinders behandel word nie. | Bl. 185: *"Hoekom het meneer Mosko of daardie meneer Kebbey nie kom sê nie? Hoekom moet jy in die nag loop?"* |
| **Baas kies om eerlik te wees oor sy vrae oor Christenskap en dit karakteriseer sy soeke na antwoorde./verlange na sy oorlede ouers en die waardes wat hulle vir hom geleer het.** | Hy vra vir ouma Essie en die Du Pisani's wat van 'n mens 'n Christen maak en kry verskillende antwoorde. | Bl. 207: *Sonde is 'n gesindheid ... Christenskap is 'n gesindheid*<br>Bl. 210: *Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees. Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie.*<br>Bl. 138: *"Wat maak van 'n mens 'n Christen?" "Geloof, natuurlik."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas se keuse om sy rol as geestelike leier op Manaka te aanvaar is karakteriserend van sy emosionele herstel./ Die feit dat hy op Manaka 'n holte vir sy voet gevind het./'n lewensroeping gevind het.** | Baas se eerste optrede as Christen is toe mnr. Jos hom vra om by ouma Essie se siekbed 'n gebed te doen. Sy kort gebed karakteriseer Baas as 'n jong Christen. | Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen."* |
| | Die feit dat Baas aan mnr. Jos noem dat die boubenodigdhede vir die kerk gekom het, dat Baas en mnr. Johnnie die planke en stutpaaltjies verf en Manaka stelselmatig met horings afperk, is tekenend van Baas se voorneme om sy rol as geestelike leier na te kom – en werklik in sy oupagrootjie se voetspore te volg. | Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk het gekom," sê Baas.*<br>Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.* |
| Kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Hy het 'n week by haar gebly en gee vir Baas die vyfrand om haar daarvoor te vergoed.✓<br><br>**EN**<br><br>Hy beskou Riekert se vyfrand as 'n vernedering vir ouma Essie omdat sy vir 'n volle week vir Riekert verblyf en kos gebied het. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.2 | Baas Dennis is Baas se oupagrootjie. ✓ | 1 |
| 9.3 | Die naarheid is 'n nadraai van malaria waarvan Baas nog herstel./<br>Baas het malaria gekry omdat hy sy laaste malariapille vir Ouma Essie gegee het omdat Grace siek was./<br>As gevolg van die naarheid het Baas besef dat hy sy buitestanderskap moes laat vaar./hy die hulp van ander moes aanvaar./<br>Baas was ongeduldig met die khuta/het die stampolisieman weggejaag omdat hy siek en naar was. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir een punt ELK aan.* | 3 |
| 9.4 | Die boot bind Baas aan sy oupagrootjie wat dieselfde droom gehad het om 'n pontboot op die Zambezi as besigheid te begin./<br>Die boot herinner hom aan sy ma, want hy vernoem die boot na sy ma./<br>Dit bring hom en Grace bymekaar toe hulle na die boot in die kanaal gaan soek het./<br>Die boot gee vir Baas 'n lewensdoel./rede om teen die nagevolge van malaria te stry./<br>Die boot is vir Baas 'n manier om 'n inkomste te genereer. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir een punt ELK aan* | 3 |
| 9.5 | Dit **irriteer** Baas dat Grace elke dag in sy ruimte is./dinge vir hom doen./dink sy moet hom terugbetaal omdat hy haar lewe gered het./dat hy op haar begin staatmaak./dat haar woorde vir hom sin maak en selfs 'n lewensles kan gee.✓<br><br>Grace se betrokkenheid het finansiële **voordele** vir Baas./Grace neem die ruilhandel/verkope van vleis by Baas oor./Grace sorg vir Baas deur vir hom kos te maak./vir sy honde te sorg. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy moes vir haar sê dat haar ouers in 'n landmynontploffing oorlede is./Grace se ouers is in 'n landmynontploffing dood. ✓<br>Die man met wie Grace sou trou, is op pad kerk toe oorlede./deur 'n seekoei gedood. ✓ | 1<br><br>1<br><br><br>1<br>1 |
| 9.6 | Beide mans is platsak./arm. ✓ | 1 |
| 9.7 | Baas gee (twee keer) sy laaste malariapille vir 'n siek persoon./<br>Baas gee sy laaste geld aan Grace om klere en malariapille te koop./<br>Baas ry sy Land Rover stukkend toe hy pale vir die khuta moes aanry. ✓<br><br>*Die kandidate bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Baas besef hy kan nie wegkom van sy verantwoordelikheid teenoor die mense van Barotseland nie./hy moet meewerk aan die herbou van die kerk. ✓ | 1<br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.8.1 | Voor die gebeure is meneer Daaimon as stamhoof afgedank./Mnr. Daaimon se stoel as stamhoof is omgegooi. ✓<br><br>**EN**<br><br>Tydens die fees word meneer Jos/ouma Essie se kleinseun as nuwe hoofman bekend-<br>gestel. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.8.2 | Ja<br>Mubuyu was die tradisionele tuiste van die Lozi's se stamhoof./is die plek waar ouma Essie woon. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 9.9 | Baas se broek was te groot vir hom (omdat hy gewig verloor het) toe hy malaria gehad het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ouma Essie het deur haar optrede geïmpliseer dat Baas, soos haar oorlede man, 'n sterk leier is./Baas haar oorlede man se plek as geestelike leier moet inneem. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.10 | Baas is 'n buitestander wat nie betrokke wil raak nie en die kort gebed illustreer sy aanvanklike teensinnigheid./Baas se kort gebed is tekenend van die kort tydperk dat hy weer as Christen optree./openbarend van sy huiwering om sy rol as geestelike leier te aanvaar. ✓<br><br>**EN**<br><br>Baas dank die Here dat hy uiteindelik iemand (Whitey)/'n nasaat van sy oupagrootjie op Manaka gevind het./<br>Baas is dankbaar dat hy geleidelik besig is om vir hom 'n lewe op Manaka te skep./<br>Baas is dankbaar vir ouma Essie/Grace se betrokkenheid in sy lewe. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan* | 1<br><br><br><br>2 |
| 9.11 | Dit is die boumateriaal vir die nuwe kerk (wat Whitey aangery het.) ✓ | 1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**KODE:**
**W: Tant Wonnie**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Tant Wonnie maak die keuse om haar huis aan die Wingroves te verkoop sodat sy onafhanklik kan wees na Heinrich in die oorlog dood is.** | Sy kies egter om die buitekamer vir hul uit te hou sodat sy en haar dogters hul eie slaapplek het. | Bl. 110: *Hulle het op ander se genade in 'n buitekamer gebly wat eens op 'n tyd aan hulle behoort het.* |
| **Tant Wonnie se keuse om enige werk te doen eerder as om van ellende te krepeer wys dat sy enige werk as eerbaar beskou.** | Tant Wonnie het nooit nodig gehad om te bedel nie, omdat sy nie skaam vir enige werk was nie, selfs dié van wasvrou. | Bl. 112: *Tant Wonnie was 'n wasvrou … Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet: Ons het nog nooit honger gaan slaap nie en Tant Wonnie het met trots gesê …* |
| **Tant Wonnie se keuse om haar teen Piet de Bruin se attensies te verset help haar om haar selfrespek te behou.** | Dit lei daartoe dat Piet de Bruin vir jare daarna probeer om die lewe vir haar moeilik te maak, maar hy slaag nie daarin nie. | Bl 131 *"… en toe byt ek met al my krag."* |
| **Tant Wonnie huiwer nie om op te staan vir wat verkeerd is nie omdat haar sin vir reg en verkeerd baie sterk is.** | Sy staan haar man teen mev. De Bruin wat Kaatjie vir mev. Bosman gee. | Bl. 135: *" … jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee nie …"* |
| **Tant Wonnie maak die keuse om, ten spyte van haar armoede, ander mense in nood te help, wat haar naasteliefde en onbaatsugtigheid uitbeeld.** | Tant Wonnie maak velriem-skoene en gee dit die meeste van die tyd verniet weg aan vroue. Sy gee medisyne vir Onie-as vir die snye op sy lyf. Sy gee die gemmerbier selfs aan Settie September. Tant Wonnie het medisyne uit wilde knoffel gemaak en aan die inwoners van Vatmaar gee. | Bl. 127: *As sy niks ander werk gehad het nie, het sy velriemskoene in haar kamer gemaak … Om haar het daar nou vroue gestaan met velriemskoene aan hulle voete … die meeste van die tyd verniet gegee het …*<br>Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie. Sy het net gesê gee wat jy wil.*<br>Bl. 127: … het 'n hart van suiwer goud gehad. Sy was vreesloos in haar naasteliefde. |

| | | |
|---|---|---|
| | Tant Wonnie besluit om die waterput vir slaggoed te verkoop. As Tant Wonnie lewensgebruik van die water by Dirk Twala kry, deel sy dit ook met die mense van Vatmaar. | Bl. 111: *Hy het 'n koei en 'n kalf daarvoor betaal.*<br>Bl. 111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.* |
| **As sy nie vir haar werk deur die mense van Vatmaar betaal is nie, tree sy ook met waardigheid en trots op.** | Tant Wonnie kies om nie haar geld later te gaan haal nie, want sy is nie 'n bedelaar nie. | Bl. 134: *"Toemaar, daar was 'n dag wat jy my nodig gehad het, …"* |
| **Omdat Tant Wonnie die keuse gemaak het om "skoon" te lewe haal sy haar Martha September en ander vroue se gramskap en jaloesie op die hals en steur haar nie daaraan nie.** | Daar was baie venynige aanmerkings oor Tant Wonnie.<br><br>Settie September beskuldig Tant Wonnie van die diefstal van haar trouring en beswadder haar naam agterna by die mense van Vatmaar. | Bl. 126: *Sy was van 'n hoër statuur as hulle en het aardse armoede geken. Sy het geen vrees in haar gehad nie, en om skoon te lewe was vir haar die vernaamste ding.*<br>Bl. 112: *… maar een van die Cape Coloured-vroue het gesê: Dit is van teel wat sy so loop, van ses kinders verniet in die wêreld bring.*<br><br>Bl. 125: *Baas, hierdie vrou, sê Mevrou September en wys na Tant Wonnie, het my trouring gesteel.*<br>Bl 189: *Tant Wonnie het sit en dink: … Ek wonder watter liegstories nou vertel en uitgedink gaan word.* |
| **Tant Wonnie kies om met waardigheid na haar arrestasie op te tree en beïndruk selfs die magistraat met haar eerlikheid en nederigheid.** | Tant Wonnie stap die stuk pad na Du Toitspan sonder om te kla of haar selfrespek te verloor.<br><br>Tant Wonnie maak van die arrestasie en tronkverblyf 'n geestelike reis wat haar uiteindelik net sterker laat glo en van haar valse trots verlos.<br><br>Die magistraat besluit om Tant Wonnie te help deur aan haar 'n huweliksertifikaat uit te reik wat haar geregtig maak op 'n oorlogpensioen. | Bl. 127: *Tant Wonnie het met haar kort treetjies begin loop … Tant Wonnie het haar kop gelig en na hulle gekyk … Sy het begin bid …*<br><br>Bl. 127: *God help my.*<br>Bl. 130: *Soek eers die Koninkryk van God binne-in jou want Ek woon in jou.*<br><br>Bl. 180: *Come to my office, the court will grant you your marriage certificate.*<br>Bl. 180: *Die magistraat het geweet sy sou nie sonder 'n trousertifikaat vir 'n war widow's pension kwalifiseer nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Die hofsaak gee 'n groter menswaardigheid aan Tant Wonnie. | Bl. 180: *see that this woman receives a new pair of shoes and a dress.* |
| **Tant Wonnie kies om Settie September te vergewe vir die valse aantygings teen haar, wat 'n besliste aanduiding van haar sterke karakter is.** | Sy betaal die sjieling namens die Septembers dat hulle saam op die kapkar na Vatmaar kan ry. Sy laat egter nie toe dat die Septembers op haar trap nie, want as hulle haar met disrespek behandel nadat hulle haar gemmerbier uitgedrink het, gooi sy met Suzan se hulp vir hulle van die kapkar af. | Bl. 188: *Tant Wonnie het alles gehoor en gedink: 'n Mens steel nie met die kleur van jou vel nie, maar jy vergeef as jy self vergeef wil word…"*<br>Bl. 190: *Altwee Septembers het snaakse geluide gemaak terwyl hulle deur die lug trek … Toe gooi Suzan Mevrou September se skoene agterna.* |
| **As die geleentheid hom voordoen, kies tant Wonnie om haar vorige huis van die Wingroves terug te koop wat 'n teken van die herwinning van haar eertydse selfwaarde en selfstandigheid is.** | As gevolg van die oorlogpensioen wat sy na die hofsaak kry, is sy in die posisie om vir 'n slag iets vir hulle as gesin te kan doen. | Bl. 238: *My ouvrou het my vertel van die plan om die huis aan julle terug te verkoop, en dat julle die kiste vir ons sal reghou tot ons hulle nodig kry …*<br>Bl. 239: *Kom, sê Missus Wingrove, kom kyk hoe skoon het ek jou huis gehou.* |
| **Tant Wonnie kies om Kenny as een van die gesin te aanvaar as sy hoor dat hy, net soos Kaatjie, 'n slagoffer van omstandighede was en wys daardeur hoe groot haar hart vir ander mense en hul leed is.** | Kenny se leed oor wat met Kaatjie gebeur het, word 'n samebindende faktor tussen hom en Tant Wonnie en Suzan. | Bl. 294: *O nee, sê Tant Wonnie, nie vandag nie. Vandag gaan onse seun by sy nuutgevonde familie deurbring.*<br>Bl. 295: *Kenny het geweet hy is in hierdie arm, ongeslypte familie van Vatmaar aanvaar.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Hulle was verantwoordelik vir die ontstaan/groei van Vatmaar./<br>Hulle was saam in die Boere-oorlog (aan die Engelse se kant). ✓✓ | 2 |
| 11.2 | Hy het die brief gelees waarin die dorpsraad van Du Toitspan terugvoering gee oor Vatmaar se aansoek vir 'n erf vir hulle nuutgestigte kerk. ✓<br><br>**EN**<br><br>Oupa Lewies was Engels./Die brief was in Engels geskryf./<br>Oom Chai respekteer steeds sy rang as "corporal"./ag Oupa Lewies belangriker./is van mening dat Oupa Lewies meer gesag dra. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.3 | Reël 1: die "rukkie stilte" is omdat die mense nie die taal (Engels) waarin die brief geskryf is, verstaan het nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Reël 8: die "lang stilte" is omdat hulle nie 'n erf in Du Toitspan vir hulle kerk gekry het nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die lang stilte impliseer dat die mense die inhoud van die brief oordink./aan oplossings vir die probleem dink./geskok/teleurgesteld is dat hulle nie die erf gekry het nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hulle het nie 'n erf om hulle kerksaal (wat hulle by die kerk in Du Toitspan gekry het,) op te rig nie./Hulle sou nie die kerk kon bou nie./Hulle sou hulle eie kerkerf moes koop./Hulle sou geld moes insamel om 'n kerkerf te koop. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.4 | Trots/Respek:<br>Tant Wonnie se trots/selfrespek het gemaak dat sy die buitekamer uithou toe sy haar huis verkoop het sodat sy haar eie blyplek het./Selfs ná haar arrestasie het Tant Wonnie haar trots/selfrespek hoog geag./<br>Samewerking:<br>Tant Wonnie en haar dogters was betrokke in die gemeenskap op verskeie maniere: noodverligting, hulpverlening, verpleging, ens. ✓✓<br><br>**EN**<br><br>Tant Wonnie neem aan dat almal op Vatmaar, soos sy, hard werk vir wat hulle het, MAAR in werklikheid het Vatmaar ontstaan omdat mense/Oom Chai goedere van die verbrande plase gevat het. ✓ | 2<br><br>1 |
| 11.5 | Kaatjie/Katriena ✓<br>Suzan ✓ | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.6 | Ja<br>Niemand sal op 'n klipperige erf wil bou nie./'n Klipperige erf sal maklik braak/onbewerk lê./beskikbaar wees./goedkoper wees.<br>**OF**<br>Nee<br>Dit sal moeilik wees om die saal op 'n klipperige terrein op te rig./Dit sal harder werk verg om die erf eers skoon te maak./voor te berei.✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.7 | Die twaksakkie simboliseer die gesag/respek wat Oupa Lewies in Vatmaar dra./Mense sal dus gewilliger/makliker iemand soos Oupa Lewies vertrou met 'n fondsinsameling. ✓ | 1 |
| 11.8 | Hy het in beter omstandighede grootgeword./meer verfynd grootgeword. ✓<br>**EN**<br>Ja<br>Dit is 'n aanspreekvorm wat respek aandui./<br>Hy is die pa van Tant Wonnie se kleinkind. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>2 |
| 11.9 | Kaatjie is dood omdat daar nie 'n hospitaal/kliniek op Vatmaar was nie. ✓<br>**EN**<br>Ja<br>Die kliniek is na Kaatjie vernoem, omdat Kenny só die ma van sy kind se lewe wou eer.✓ | 1<br>1 |
| 11.10 | Enersyds: die oudstes het Vatmaar begin,/was betrokke by die ontstaan van Vatmaar, daarom respekteer Kenny hulle bydrae deur te beplan om by hulle te begin. ✓<br>**EN**<br>Andersyds: Tant Wonnie se plan om almal te betrek is beter, want Vatmaar het gegroei en daar bly nou baie mense wat nie by die ontstaan van Vatmaar betrokke was nie. ✓ | 1<br>1 |
| 11.11 | Raadgewer/planmaker/beplanner ✓<br>**EN**<br>Onselfsugtigheid/diensbaarheid/wysheid ✓<br>**EN**<br>Onselfsugtigheid: Tant Wonnie gee velriemskoene/medisyne/die water van die waterput verniet weg.<br>**OF**<br>Diensbaarheid: Tant Wonnie gaan verpleeg mense wat siek is./tree as wasvrou vir die mense van Vatmaar op. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br>1 |
| | | **[25]** |

***DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE* – ELEANOR BAKER**

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**Kode:**
**I: Iris**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Iris kies om alleen na 'n partytjie te gaan, wat 'n bewys van selfstandigheid is.** | Hierdie keuse lei daartoe dat sy vir Peter ontmoet – die man wat die oorsaak daarvan sou wees dat Iris stelselmatig met haar vooropgestelde sienswyses oor die huwelik en kinders gekon-fronteer word. | Bl. 38: *"Keer my as ek dit verkeerd het," het sy teatraal aangekondig. "Jy gaat alleen na die paartie? "Ja."*<br>Bl. 36: *Die Peter wat ek ontmoet het, het nie veel van sy fiktiewe eweknie verskil nie. Dieselfde ruwe, ongekamde soort aantreklikheid, dieselfde selfversekering, dieselfde blonde meisie aan sy sy … en in die stilligheid gedink hy lyk nogal na sy prototipe, maar toe hy aan my voorgestel word en ek hoor sy naam is Peter het ek geskrik.*<br>Bl. 37: *"Ek het alleen gekom. Wat van jou?" "Ook."* |
| **Iris se keuse om saam met Peter na sy woonstel te gaan, eerder as om by die partytjie te bly, het tot gevolg dat haar selfbeeld gebou word.** | Peter komplimenteer Iris oor haar naam en laat haar goed daaroor voel. | Bl. 36: "*Die fleur de lis. Jy weet tog wat dit is?" "Ja." "Daar het jy dit dan. 'n Naam vol ryke assosiasies."* |
| **Iris se keuse om saam met Peter te slaap, lei daartoe dat hulle verhouding, teen die norm van die tydvak, op 'n seksuele vlak ontwikkel.** | Elke keer dat Peter en Iris mekaar daarna ontmoet het, het hulle seksueel verkeer, al het Peter aangedui dat hy haar nie verstaan nie. | Bl. 39: *Toe ek ná die partytjie deur die donker, besadigde strate huis toe ry, het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig, so maklik en so ondeurdag aan Peter afgegee het. En dit bloot omdat sy fisionomie en naam my aan iemand anders herinner het.*<br>Bl. 43: *Omtrent drie weke na die partytjie het ek een middag laat by ons voorhekkie uitgeloop …* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 50: *"Ek raak nie weer aan jou nie,"het Peter my ingelig toe ons bibberend in die donker langs die swembad sit … "Omdat ek nie weet hoe jou kop werk nie."*<br>Bl. 62: *"En as ek jou nou weer sou vra?" "Ek sal weer saamgaan. Maar jy het nie meer jou woonstel nie. Paula het my vertel."… " 'n Vriend het syne vir my geleen terwyl ek in die stad is. Het jy 'n motor?"Ek het my baadjie en handsak opgetel en agter hom aangeloop.* |
| **Iris se keuse om Peter weer te sien, laat die fantasiekarakters stelselmatig verdwyn.** | Wanneer Peter by Iris is, het die Peter van haar fantasie vervaag. | Bl. 40: *Peter was werklikheid. Hy het hare op sy bors, voorarms en bene gehad …* |
| **Iris se keuse om by dr. Anders te gaan werk, is 'n keuse op pad na selfstandigheid./getuig daarvan dat sy nie probeer konformeer nie**. | Die feit dat hierdie werk glad nie in die rigting van haar studies of prestigeryk is nie, maak nie vir haar saak nie. Haar geluk is vir haar die belangrikste oorweging.<br><br>Sy kies aanvanklik die werk omdat dr. Anders se naam haar fassineer. | Bl. 42: "*Ek wou nie 'n werk hê wat my gedagtes in beslag sou neem nie."*<br><br>Bl. 41: *Ek het van dokter Anders gehou (sy naam het my geamuseer: Anders. Anders as wat? En hy het toe reeds 'n hele paar keer gevra of ek nie vir hom wil kom werk nie.* |
| **Iris kies 'n beroep wat haar toelaat om haar kop onbetrokke te laat bly en haar die geleentheid te gee om haar fantasiekarakters uit te brei.** | Hierdie keuse veroorsaak konflik met haar pa, maar sy bly by haar besluit en laat haar nie beïnvloed nie – 'n karaktertrek wat haar help om selfstandig te kan optree. | Bl. 41: "*En dis waarvoor ek haar drie jaar op universiteit gehou het, om by die tandarts te werk. Spoeg weg te vee."* |
| **Iris maak die keuse om vir Peter in Amerika te gaan kuier – en maak so 'n keuse ten opsigte van haar verhouding.** | Deur vir Peter te gaan kuier, kies sy teen Frederik, wat haar op daardie stadium irriteer omdat hy te ernstig wil raak. | Bl. 79: *Peter se laaste, onduidelike poskaart het voorgestel dat ons mekaar in New York ontmoet …*<br>Bl. 79: *Sy aantreklike, bedorwe gesig het my finaal laat besluit; in my etensuur het ek my plek gaan bespreek.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Deur vir Peter te gaan kuier, neem sy ook die besluit om op haar eie nuwe ervarings te beleef, selfs al beteken dit dat sy teen haar suster Elsa se raad optree. Op hierdie manier verander sy stelselmatig van 'n naïewe meisie tot 'n volwasse vrou wat vir haarself kan dink. | Bl. 86: "*Ek weet wat ek doen en ek wou buitendien altyd oorsee gegaan het."*<br>Bl. 87: "*Ek wil gaan kyk hoe lyk dit daar. Buitendien, ek gaan eers vir Kara kuier. Onthou jy nie wat Ma altyd gesê het nie? 'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dit is tyd dat ek blom."* |
| **Iris besluit om eers vir Kara te gaan kuier – wat haar die insig gee dat sy ook iemand in haar lewe wil hê wat vir haar liefhet – en word so voorberei op haar latere huwelik met Peter.** | Iris raak bewus van 'n diepe verlange as sy sien hoe Claude vir Kara op die hande dra.<br><br>In Parys word Iris se selfbeeld verder gebou as eers 'n gas by Kara-hulle en dan later Kara self vir Iris vertel dat sy mooi is. | Bl. 91: *Kara het teruggeleun teen die kussings en haar hand teen sy wang gehou, 'n gebaar so vol liefde dat ek vinnig weggekyk het, meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.*<br><br>Bl. 93: "Dis waar, weet jy … Jy het daardie soort gesig." |
| **As Iris haarself alleen in New York bevind omdat Peter nog nie daar is nie, maak sy keuses wat haar verder lewenswys/ selfstandig maak.** | Sy kies om alleen New York te verken en leer positiewe en negatiewe lewenslesse.<br><br>Sy leer by die Engel dat sy nie alle mense moet wantrou nie, terwyl Billy haar weer gemaan het om nie alle mans te vertrou nie. Uiteindelik besef sy dat sy haar eie keuses moet maak.<br><br>Iris leer by die vuurhoutjieman dat almal 'n lewenstaak kan hê, wat haar weer oor haar blomoomblik laat wonder.<br><br>Joe, die fotograaf laat Iris besef sy is nie 'n glips nie, maar 'n potensiële model. | Bl. 97: *Sielsallenig in hierdie stad. Wat moet ek doen?*<br>Bl. 105: "*Maar as ek in my hotelkamer bly sit, gaan ek niks ervaar nie. Nie goed of sleg nie. Dan kon ek net sowel by die huis gebly het …"*<br><br>Bl. 99: *"Moenie alle mense wantrou nie."*<br>Bl. 105: *"En dit bring my terug na die man. Jy moet versigtig wees. Ek ken hierdie stad …"*<br>Bl. 107: *Billy het my voor die hotel afgelaai … en my gemaan om weg te bly van vreemde mans.*<br><br>Bl. 123: "*Dan pars ek dit en kyk waar die res inpas.*"<br><br>Bl. 119: *"Elke fotograaf droom van so 'n ontdekking."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris kies uiteindelik om saam met Peter Vermont toe te gaan en laat vaar die droom van 'n modelkon-trak.** | Dit is die begin van die proses wat daartoe lei dat sy nie meer haar blomoomblik as die belangrikste roeping in haar lewe beskou nie. Sy begin besef dat 'n mens se lewe nie noodwendig net uit een blomoomblik hoef te bestaan nie.<br><br>In Vermont besef sy dat sy daarvan sal hou om eendag haar eie kinders te hê. | Bl. 187: Gebeur dinge nie maar sommerso nie? *My lewe bestaan uit onsamehangende flardes.*<br>Bl. 133: "*As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe … Ek kan nie onbepaald sit en wag dat jy tot jou sinne kom nie."*<br><br>Bl. 158: *Ek het hulle toegemaak en op die voorkop gesoen en besef dat ek dit nogal geniet het om huis-huis te speel met twee regte kinders.* |
| **Iris kies uiteindelik 'n toekoms saam met Peter omdat sy besef dat sy vervulling by hom ervaar.** | Sy besef dat sy nie sonder Peter wil lewe nie.<br><br>Iris kies om haar fantasieë vaarwel te roep omdat Peter haar soveel meer bied as wat sy met die fantasieë kon ervaar. | Bl. 209: *"Sonder Peter kan ek tog regtig nie klaarkom nie."*<br><br>Bl. 213: *Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.* |
| **Iris kies om haar eie lewe in te rig ongeag wat haar susters en ouers doen.** | Sy besef dat sy as mens waardevol genoeg is en nie nodig het om in haar susters se skadu te leef nie.<br><br>Iris besef dat 'n mens se lewe nie volgens 'n fantasie ingerig kan word nie – die lewe gaan dikwels sy eie gang – en sy is gemaklik daarmee. | Bl. 211: *Tussen my susters se verbete vrugbaarheid het ek en Peter rustig voortgeleef sonder om te vermeerder.*<br><br>Bl. 188: *Dit was vyf jaar gelede en tot dusver het die toekoms – of die entjie wat ons gevorder het – by geen voorspelbare of gefantaseerde plan gehou nie. Om mee te begin het my enkel skeef aangegroei …*<br>Bl. 218: *Wat die toekoms verder vir ons inhou, weet ek nie en verklik die Engel ook nie.* |
| **Deur Iris se keuses in haar lewe doen sy nie net ervarings op wat haar tot 'n volwasse vrou laat ontwikkel nie, maar toon ook belangrike karakterontwikkeling.** | Iris leer geduld aan/om vergenoeg met haar lewensomstandighede te wees. | Bl. 220: *"Wees geduldig … Dis amper tyd."*<br>Bl. 211: *Tussen my susters se verbete vrugbaarheid het ek en Peter rustig voortgeleef sonder om te vermeerder.*<br>Bl. 214: *Ek was in die wolke omdat ek die tuin en die kwart-voor-sewe-lelie geërf het …* |

| | | |
|---|---|---|
| | Iris leer, onder leiding van die Engel, dat sy verantwoordelikheid vir haar eie lewe moet neem. | Bl. 217: *"Ek is nie verantwoordelik vir jou en jou mense nie," het hy kalm gesê. "Ek gaan dit ook nie weer vir jou sê nie. Jy sien jouself as 'n kind wat leer loop en my as die ma wat met haar arms beskermend weerskante van die kleuter saamloop om te keer dat hy nie val nie. Ek is nie 'n loopring nie. Ek maak nie reg waar jy verbrou het nie …"* |
| **Iris kies ten slotte om as selfstandige vrou haar fantasiewêreld finaal agter te los na Peter se ongeluk./verantwoordelik-heid vir haar omstandig-hede te aanvaar.** | Sy besef skaam dat sy haar soos 'n kind gedra het deur die Engel vir die ongeluk te blameer. | Bl. 217: *Ek het my op ons bed neergewerp en gehuil, nie net van skok nie, maar ook omdat ek beskaamd was oor my uitbarsting.*<br>Bl. 218: *"Vergewe my," het ek gesê. "Ek was ontsteld."*<br>Bl. 218: *En dit was nie vir my nodig om my Rochester aan die hand rond te lei nie. Wat die toekoms verder vir ons inhou, weet ek nie en verklik die Engel ook nie.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Peter wil graag trou. ✓ | 1 |
| 13.2.1 | Bettie raak maklik neerslagtig./depressief./is pessimisties oor die lewe. ✓<br>Bettie probeer graag die aandag op haarself vestig./reaksie uitlok. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Brian wil nie met Bettie trou nie (hoewel sy graag wil)./openbaar geen ambisie/dryfkrag om sy en Bettie se verhouding verder te vat nie./laat toe dat sy kinders sy en Bettie se tye saam versuur.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Bettie se ouers se sinlose dood het hierdie houding laat posvat./ Brian se kinders maak haar tye saam met hom onaangenaam. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 13.2.2 | Hierdie woorde laat Iris later in die aand dink dat Bettie selfdood wou pleeg. ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris beskou Bettie se oënskynlike selfdoodpoging as 'n manier om 'n held te wees,/haar blomoomblik te beleef, MAAR dan blyk dit dat Bettie net siek was aan haar maag/breek Iris haar been/moet Iris self gehelp/verpleeg word eerder as om die held te wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die antiklimaks vir EEN punt verwys.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 13.3 | Johanna is Iris-hulle se (bruin) huishulp. ✓<br><br>**EN**<br><br>Johanna is vir Iris 'n ma-figuur./die een wat in Iris se ouerhuis die huishouding behartig./<br>Johanna is vir Iris 'n vertroueling./iemand wat na haar luister./<br>Johanna bied vir Iris sekuriteit./die vertroosting dat sy (Iris) vir haar werklik belangrik is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>Johanna is altyd reguit./tree nie op soos wat 'n mens van 'n huishulp in daardie tyd verwag nie./<br>Johanna is die enigste in die huis wat iets rassisties sê oor Kara se kêrel./man./Claude./<br>Johanna weier om vir Iris-hulle "kleinmies" te sê soos ander huishulpe./dwing Iris se pa om vir haar 'n woonstel te bou. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.4 | Iris het ook die behoefte gehad om iets anders te wees/word omdat sy ontevrede was met haarself (maar Kara het haar voorgespring)./Dit was net weer vir haar 'n bewys dat haar susters se lewenskeuses voorrang bo haar behoeftes gekry het (want haar ouers het berge versit om Kara tot ander insigte te bring, maar niks daaraan gedoen dat Iris met 'n student uitgegaan het nie). ✓<br><br>**EN**<br><br>Kara het getrou,/het geboorte geskenk,/wou kinders in elke kleur van die reënboog hê, terwyl nonne selibaat moet wees. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.5 | Iris se ma<br>Iris se ma het nooit na Iris geluister nie, wat Iris laat glo het dat sy iewers haar eie tyd sal moet kry om te blom./<br>Sy het Iris haar naam gegee wat sentraal staan in Iris se filosofie dat sy (soos die iris) een geleentheid gaan kry om te blom.<br><br>**OF**<br><br>Kara/Elsa/Iris se susters<br>Iris het altyd gevoel dat Kara/Elsa/haar susters se behoeftes belangriker as hare geag word, wat haar behoefte om haar eie blomtyd te hê, aangevuur het./<br>Kara/Elsa/Iris se susters het familiename gehad, terwyl Iris se naam in 'n woordeboek was, wat haar oortuig het dat dit 'n betekenis in haar lewe moet hê.<br><br>**OF**<br><br>Johanna<br>Johanna was 'n ma-figuur wat vir Iris gewys het dat vrouens nie stereotipiese lewens hoef te lei nie./vir Iris aangemoedig om haar eie drome na te jaag.<br><br>**OF**<br><br>Bettie<br>Bettie het Iris se idee van 'n blomtyd openlik uitgedaag, wat Iris laat nadink het oor haar lewensfilosofie./Nadat Iris haar been gebreek het (toe sy verkeerdelik gedink het dit sal haar blomtyd wees as sy Bettie red), kry sy die insig dat 'n naam net 'n naam is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.6 | Elsa wou hê dat Peter met Hannes oor sy (buite-egtelike) verhouding met 'n student praat. ✓ | 1 |
| 13.7.1 | Peter verwys na Iris se verhouding met die Engel./wat glo sy het haar eie Engel.✓ | 1 |
| 13.7.2 | Peter se pa dink die Engel is 'n teken dat Iris met okkulte deurmekaar is. ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris spreek Peter se pa altyd as "die Oom" aan (en nie as "Pa" nie, omdat hy nie die Engel se teenwoordigheid wil aanvaar nie). ✓<br><br>**EN** | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Peter se pa is afsydig teenoor Iris./nooit hartlik/gasvry teenoor Iris nie./hou haar weg van sy broeiende duiwe. ✓ | 1 |
| 13.8.1 | Omdat Iris gevoel het dat niemand na haar luister nie, het sy in haar fantasieë alter ego's geskep wat hulle man kan staan. ✓<br>As die realiteit vir Iris onaangenaam was, het sy in haar fantasieë ontsnap na 'n wêreld wat haar gepas het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Sy het spesifiek by dr. Anders (as tandartsassistent) gaan werk om tyd te hê om aan haar fantasieë te borduur (omdat die werk nie verstandelike eise aan haar gestel het nie). ✓ | 1<br>1<br><br><br><br>1 |
| 13.8.2 | <u>Greta en Eduard se storie</u> was verantwoordelik dat daar 'n verhouding tussen Peter en Iris ontstaan het (omdat daar 'n Peter-karakter in die fantasie was, wat veroorsaak dat Iris saam met Peter na sy woonstel toe is). ✓<br><br>**EN**<br><br><u>Peter en Iris se verhouding</u> het aan Iris bewys dat die werklikheid beter as enige fantasie kan wees en daarom het dit uiteindelik die fantasie vervelig laat word./laat doodloop. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 13.9 | Elsa is die dominante persoon in hulle verhouding./neem die belangrike besluite in hulle huwelik. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Elsa word voorgehou as iemand wat lewe met 'n doel voor oë/wat haar lewenskoers kies en in TEKS H wys dit dat, al was Peter nie daarvoor lus nie, hy tog (oënskynlik) gedoen het wat Elsa van hom verwag het./sy tog regkry dat mense volgens haar planne optree.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Al word Elsa in TEKS G voorgehou as iemand wat haar doelwitte baie doelgerig nastreef, het Hannes tog teen haar wense 'n (tipe) verhouding met 'n "harige student" aangeknoop./nie by Elsa se beplanning gehou nie (deur 'n buite-egtelike verhouding met 'n "harige student" aan te knoop). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**KODE:**
**M: Map**

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MAP SE ROL AS HOOFKARAKTER** | | |
| **Map is die hoofkarakter in die drama.** | Reeds in die titel van die drama kan ons aflei dat Map 'n belangrike rol gaan speel aangesien sy naam en van daarin voorkom. | *KRISMIS VAN MAP JACOBS* |
| **Die intrige en gesprekke van ander karakters sentreer rondom Map.** | Selfs al is hy nie op die verhoog nie, word daar na Map verwys. Die gebeure in die drama sentreer rondom Map Jacobs en sy lewensverhaal. Sy karakter verander en groei namate die drama vorder. | Bl. 6: *Omdat Map Jacobs nou ytkom en ammal moet nou beginne cover-up!?*<br>Bl. 37: *(terwyl sy bly werk) En mister Jacobs, waar is hy?* |
| **MAP SE ROL AS GELIEFDE PERSOON** | | |
| **As kind het Map 'n gelukkige, liefdevolle geaardheid wat mense na hom toe aantrek.** | Map was 'n skrander leerling op skool wat ook toekomsdrome gekoester het. | Bl. 24: *... Ek wil oek iets gewies het ... Ek was goed op skool ...* |
| | Blanchie voel aangetrokke tot hom van skooltyd af. Nadat hy vrygelaat is, het sy nog steeds gevoelens vir hom en hy voel dieselfde. | Bl. 14: *Hy raak aan haar. Sy aan hom. Hulle soen mekaar ...*<br>Bl. 24: *Ek het jou ... nog al die tyd ... lief ...*<br>Bl. 46: *... Ons was same op skool, in Elsiesrivier ... alles het mooi gelyk, ek het gehou van haar, sy't gehou van my, en toe ...*<br>Bl. 60: *Ek is so vuil Johnnie ...*<br>*Jy is ... mooi ...*<br>*Johnnie ... Wat het ... van ons geword ...* |
| | Map het ideale en streef daarna om 'n beter werk as 'n bode te kry. Hy toon ook 'n mate van snobisme aangesien hy nie die werk as bode wil aanvaar nie. | Bl. 31: *... Vark, wittes, vir my 'n job wil gee vir messenger!!?* |

<table>
<tr><td colspan="3">MAP SE ROL AS LEIER</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Map openbaar sterk en swak leierseienskappe.</td><td>Map word die leier van drie bendes en hy aanvaar sy leiersrol in die gemeenskap.<br><br>As leier is Map beïnvloedbaar. Hy gee toe aan druk om toe-stemming te gee aan Gappie Martin vir die verkragting van twee vroue.</td><td>Bl. 32: 'it was drie gangs. Ek was elkeen se leader, elke keer. Ek was altyd die leader ...<br><br>Bl. 33: ... Say the word, sê Gappie Martin, en hy sê vir my "Chief" ... Toe gee ek in. O God, vergewe my!</td></tr>
<tr><td>Hy gaan gee homself oor aan die polisie nadat hy moord gepleeg het.</td><td>Bl. 35: Toe's ek poliesstasie toe, na die sergeant op night-duty ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ... Ek het myself op-gegie.</td></tr>
<tr><td>Map is 'n gevreesde bendeleier wat ook hardvogtig en wreed kan wees, Cyril en Richie verwys na Map as 'n "vark”.</td><td>Bl. 16: Ma' Map was die leader, man ... Hy was mos altyd die leader ... Ennie leader moet die responsibility vat ... Hulle ammal was vuil varke ...</td></tr>
<tr><td colspan="3">MAP SE ROL IN DIE GEMEENSKAP</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Map is aanvanklik 'n rolmodel wat betrokke by die gemeenskap in die township is.</td><td>Map is 'n lid van die Kersorkes. Die saksofoon wat in die slot opklink, suggereer dat hy weer sy rol en plek in die gemeenskap inneem en dat hy aanvaar is.<br><br>Ná sy vrylating wil die Kersorkes nie vir Map weer terughê nie, want hy het nou 'n reputasie. Dit is bewys daarvan dat hy sy posisie in die gemeenskap verloor het.</td><td>Bl. 11: ... Die band practise seker al vir Krismis ...<br>Bl. 37: ... Ek het hom nog nooit selwers ge-meet nie ... Boeta het gesê hy het al previously in die band in gespeel ...<br><br>Bl. 46: Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af ... Even die verskoning: Ons het al klaar 'n sax, as ons gewiét het jy kom ýt, ou Map, maar ons het nie gewiet nie ...</td></tr>
<tr><td>Na sy tronkstraf is Map nie meer snobisties nie en verskil sy optrede radikaal van toe hy 'n bendeleier was. Map is na sy tronkstraf nie negatief oor die toekoms nie, maar optimisties.<br><br>Selfs na sy vrylating, as hy teenstand in die gemeenskap ervaar,/nie werk kan kry nie,/deur La Guma uitgedaag word, laat hy hom nie manipuleer om kwaad te word/verkeerd op te tree nie.</td><td>Bl. 10 en 11: ... ek het gesê vir haar enige soort werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...<br><br>Bl. 46 en 47: Blanchie ... ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ... Ek sil nie weer shit aanvang nie! Ek sweer 'it, voor 'ie Here ...</td></tr>
</table>

| MAP SE ROL AS TRONKVOËL EN GEVANGENE | | |
|---|---|---|
| **Map word tronk toe gestuur vir moord.** | Nadat Map toegelaat het dat sy bende sy ma en suster verkrag, beland hy self in die tronk vir die moord op Ivan Philander, wat bewys dat hy bereid is om verantwoordelikheid vir sy dade te neem. | Bl. 35: *MAP: Toe's ek polies-stasie toe, na die sergeant op night-duty ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ... Ek het myself op-gegie.* |
| **Die tronkomstandighede het positiewe gevolge vir Map.** | Uit Map se gesprekke met sy ma, terwyl hy in die tronk is, is dit duidelik dat hy berou oor sy dade het. | Bl. 9: *Ek is 'n gechangede man, ek ... het die Here Jesus gevind ...*<br>Bl. 9: *Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek is jammer, maar ma moet my glo ...*<br>Bl. 10: *Ek sweer alles sal nou regkom, Ma ... Hulle moet my net 'n kans gee, daar buitekant ...* |
| **Die tronkomstandighede het negatiewe gevolge vir Map.** | Map is sewe jaar in die tronk wat veroorsaak dat sy verhouding met Blanchie skipbreuk ly. | Bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry. Ek het sewe jaar geserve. Ek is yt op parole ...*<br>Bl. 46: *... 'Is net ... Hoekô avoid jy vir my, Blanchie?* |
| **Na sewe jaar in die tronk, word Map op parool vry-gelaat, maar voel steeds nie fisies vry nie.** | Die feit dat miss Africa nie vir hom 'n werk kan kry nie, laat hom weer vasgevang voel. Hy kies 'n toekoms saam met Blanchie, maar dit bevry hom nie uit sy figuurlike tronk nie.<br><br>Dit blyk moeiliker te wees om 'n werk te kry, want nou het hy ook die stigma van tronkvoël, wat die werksmoontlikhede beperk. | Bl. 46: *hulle kyk agter jou aan, of hulle vir jou jammer kry, 'cause jy's so laag, jy try vir iets wat goed is, maar foei tog! ... was in vir moord, en soek 'n job! You must be crazy!*<br><br>Bl. 45: *En jou rekord, mister Jacobs, was vir ...? O, dit was vir, dit is vir ... vir ... moord! Hulle sê dan vir jou, om maar tyd op te maak, 'cause hulle't kant en klaar ge-decide ...* |
| **MAP SE ROL AS GELOWIGE, BEKEERDE EN VRY MAN** | | |
| **Tydens sy tronkstraf kom Map tot bekering en vind hy vergifnis.** | Map se geloof is na sy bekering vir hom 'n saak van erns. In die tronk kom Map onder leiding van Apostel George tot bekering en toon hy berou oor sy sondes. | Bl. 35: *Ek het klaar gepraat. So God vergewe my ... (sag) So God vergewe my ...* |
| | Map openbaar 'n inskiklikheid in die tronk wat daartoe lei dat hy vir vroeë parool in aanmerking kom. | Bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry. Ek het sewe jaar geserve. Ek is yt op parole ...*<br>Bl. 45: *... Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Na sy tronkstraf vervul Map die rol van 'n gereha-biliteerde tronkvoël.** | Met sy vrylating keer hy nie terug na sy wrede, aggressiewe bende-bedrywighede van vroeër nie. Hy handhaaf nou 'n veranderde lewenswyse waar hy vergewe, nie kwaad word of kwaad met kwaad vergeld nie. | Bl. 30: *Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek. Here, en laag en vuil en vieslik, veraaner my, change my, Here! Lord, here am I ... Vat my, en maak moet my soes wat U wil!* |
| | Map vergewe vir Blanchie en ondersteun haar. | Bl. 46: *... Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie, ek mind van niks ...*<br>Bl. 60: ... *Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... voor Apostel George ... voor die Here ... en voor ma ...* |
| | Map vind ook vergifnis van sy ma ná sewe jaar wanneer sy vir die eerste keer weer praat en sy naam noem. | Bl. 62: *Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer ... (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie ...* |
| **MAP SE ROL AS VERSORGER EN BESKERMER** | | |
| **Map is liefdevol en tree versorgend teenoor sy ma en Blanchie op.** | Map tree versorgend en besker-mend teenoor sy ma op. Sy sagte geaardheid blyk uit die manier waarop hy met sy ma praat. | Bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry. Ek het sewe jaar geserve. Ek is yt op parole ...* |
| | Map tree simpatiek en onder-steunend teenoor Blanchie op wanneer haar pa sterf. Hy probeer ook vir Blanchie beskerm. | Bl. 61: *'Is nie waar nie!! ... (Haar liggaam ruk histeries. Map hou haar vas.)* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | Apartheid ✓ | 1 |
| 15.2.1 | Maud impliseer dat dit nie die eerste keer is dat hulle vir Blanchie name skree nie./dat hulle dit al vantevore gedoen het./Maud probeer reaksie by Cavernelis uitlok. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Sy speel op Cavernelis se gevoel/vererger die feit dat Blanchie gespot word/sê dat sy dit nie meer kan vat nie sodat Cavernelis hulle uit die township kan neem.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br>1 |
| 15.2.2 | Sy hou nie van hulle nie./dink hulle is sleg./sien neer op hulle. ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 15.3 | Slegte name vir 'n straatvrou ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.*<br><br>**EN**<br><br>Blanchie: Hulle impliseer dat sy by (wit) mans slaap om geld te kry (wat haar pa dan vat) om uit die township te kom./dat sy dink sy is beter as hulle. ✓<br><br>**EN**<br><br>Cyril en Richie: Hulle sou graag self Blanchie se aandag wou geniet./voel afge-skeep deur/minderwaardig teenoor Blanchie./Hulle het min respek vir vroue. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Sy verkoop haar lyf vir geld./is 'n prostituut./is wit mans se gesellin.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Geen mens mag 'n ander oordeel/lelike name noem nie. ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.4 | (Cavernelis se karakter word geopenbaar):<br><br><u>opstandig en bitter</u>: Die bendelede/Cavernelis se omstandighede in die township maak hom moedeloos./<br><u>sterk:</u> Cavernelis is die vaderfiguur wat sy gesin moet beskerm./standpunt moet inneem./<br><u>praat sag</u>: Cavernelis probeer kalm/beheersd voorkom. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na EEN van die inskrywings verwys.*<br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.5 | "Blanchie se sake" dui op plekke soos Lonely hearts waar Blanchie werk. ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.*<br><br>**EN**<br><br>ons sake" dui op Cavernelis se twee werke om geld te genereer om weg te kom uit die township. ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.*<br><br>**EN**<br><br>Map is tronkstraf opgelê./Blanchie het, nadat sy Map in die tronk besoek het, besef hulle twee het nie 'n toekoms saam nie. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.6 | Ja<br>In reëls 13 en 17 is Cavernelis kwaad/ontsteld oor Cyril en Richie se woorde en gedrag. ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>In reël 19 praat hy rustiger,/sagter,/kalmer, want hy praat met Maud./probeer Maud/homself tot bedaring bring. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.* | 1<br><br>1 |
| 15.7 | 'n Mens sou verwag dat Maud, wat Cavernelis juis hier ontstel het./opgewerk het, saam met hom ontsteld sou bly, MAAR hier sê sy vir hom om nie so platvloers te praat nie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die ironie vir EEN punt verwys.*<br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 15.8.1 | Tommy Sobotker is besig om (met sy juweliersware) op straat te smous. ✓<br><br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied.* | 1 |
| 15.8.2 | Tommy praat nie neerhalend van ander nie./respekteer Cavernelis en sy gesin./soek nie moeilikheid met ander nie./is nie 'n leeglêer soos die ander twee nie./verdien sy geld op 'n eerbare manier. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.9 | Antie Grootmeisie is Map se ma./veilige hawe./<br>Antie Grootmeisie bied bevryding vir Map (omdat sy hom vergewe)./<br>Antie Grootmeisie versterk die gedagte van Map se emosionele/figuurlike gevangenskap terwyl sy stom bly. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.10 | Map is tronk toe vir die moord (op Ivan Philander). ✓<br><br>**EN**<br><br><u>Voordelig</u>: Map het tot bekering gekom./het vergifnis by God gevind.✓<br><br><u>Nadelig</u>: Die gemeenskap het hom moeilik aanvaar na sy vrylating./uitgeskuif nadat hy terug is./Hy kon nie werk kry nie omdat hy in die tronk was./<br>Terwyl hy in die tronk was, het sy verhouding met Blanchie vertroebel./<br>Die gemeenskap was skepties oor sy bekering/verandering. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| 15.11 | Map se regte naam is Johnnie – dit is hoe hy bekend gestaan het voordat hy tronk toe is./Tommy weet nie of hy glo dat Map verander het/Johnnie geword het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Blanchie/Antie Grootmeisie ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.12 | In die suitcase en die karretjie is die handelsware/goetertjies waarmee hulle smous. ✓ | 1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**KODE:**
**K: KONSTABEL**

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **VERTROUELING** | | |
| **Meisie vertrou Konstabel blindelings omdat haar ma hom ingelaat het. Boonop dra hy 'n polisie-uniform wat in haar oë van die draer 'n betroubare persoon maak**. | Sy is blind vir wie Konstabel is omdat sy 'n behoefte aan vryheid/avontuur het. | Bl. 28: *Nou goed, ek sal u vertel … /*<br>Bl. 51: … *haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak.* |
| | Sy vertrou Konstabel omdat hy 'n goeie reuksintuig het, al is hy blind. | Bl. 16: *Jong meisie. Ongetroud*<br>Bl. 17: *(By MEISIE. Ruik diep asof hy aan 'n blom ruik)*<br>*MEISIE word skaam en laat haar kop sak.* |
| | Sy vertrou hom met die storie van haar ontsnapping na die sirkus toe, al het haar ma haar verbied om daaroor te praat. | Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.* |
| **Meisie vertrou die konstabel met haar smagting om bevryding.** | Sy vertel hom van die tragiese omstandighede waarin sy leef en daarin beleef hy haar vasgevangenheid. | Bl. 30: … *Kos, slopemmer! Sakke! Eers was my hande sag … En nou, eelte op al my vingerpunte!* |
| **Miem se angs vir die bose verblind haar vir Konstabel se ware kleure. Sy vertrou die konstabel omdat hy 'n gesagsfiguur is en nooi hom in haar huis in.** | Sy dink dat hy as gevolg van sy blindheid skadeloos is. Hierdie misplaaste vertroue veroorsaak dat Meisie, soos haar ma, Konstabel ook vertrou en hy daarom kans kry om haar te manipuleer omdat sy hom ook vertrou. | Bl. 28: *KONSTABEL: (byna verleidelik) …* |
| **Miem vertrou die konstabel omdat hy 'n verskerpte reuksintuig het as gevolg van sy blindheid.** | Sy vind sy blindheid aanvanklik ontstellend, maar hy oortuig haar deur aan elke vrou te snuffel en hulle korrek te beskryf. Verder meld hy dat hulle hom ook Snuf-in-die-neus noem. | Bl. 16: *Ja … nou laat ek sien … laat middeljare. Getroud en kinders gebaar.*<br>Bl. 16: *MIEM klap van verbasing haar hand oor haar mond.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Sy vertrou die konstabel met hulle veiligheid.** | Nadat Miem deur die sleutelgat geloer het, besluit sy dat hy wel 'n konstabel is en vertrou kan word. Gertie was ook oortuig dat sy goeie houding van hom 'n betroubare persoon maak. Miem sluit vir die onbekende konstabel die deur oop en laat hom binnekom. | Bl. 15: *(Sluit die deur oop) So ja. (Maak die deur oop) Kom gerus binne.* |
| | Sy stuur Meisie, vir wie sy belowe het om die hele nag na haar veiligheid om te sien, saam met die konstabel uit om die slopemmer te gaan skoonmaak. | Bl. 39: *Dit is gaaf van u, Konstabel. MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur.* |
| **Hy beïndruk Miem met sy opmerking dat hy nooit lank op dieselfde dorp is nie, omdat hy vir spesiale gevalle gebruik word.** | Sy kom tot die gevolgtrekking dat hy die verdwyning van die twee meisies ondersoek. | Bl. 18: *Ek word gebruik vir spesiale … gevalle.*<br>*So, u is natuurlik hier oor die verdwynings, Konstabel?* |
| | Miem se vertroue strek so ver dat sy hom selfs sien as 'n moontlike huweliksmaat vir Meisie. Sy besing Meisie se deugde onophoudelik en dryf Meisie tot trane. | Bl. 25: *Sy is viets en fyn. (Suggestief)* |
| **Miem vertrou hom deur haar verlange na 'n man aan hom te bely toe sy vir hom 'n kombers gebring het en hulle alleen was.** | Sy bely dat sy na Gabriël verlang en dat sy lank gelede alleen met 'n man gepraat het. | Bl. 47: *Dit is so lank laas … lank laas … dat 'n man vir my goeienag gesê het.* |
| **Gertie vertrou die konstabel omdat hy haar oortuig dat sy verskerpte reuksintuig opmaak vir sy blindheid.** | Gertie is ongetroud en haar smagting na 'n man in haar lewe dra by tot haar vertroue in 'n vreemdeling. Sy is baie beïndruk deur sy reuksintuig. | Bl. 16: *Middeljarig. Ongetroud. GERTIE snak na haar asem.* |
| | Gertie vertrou hom met haar smagting om bevryding vanuit haar oujongnooiskap, want sy leef haar in in sy vertelling van tant Hannie. | Bl. 49: *Daar is 'n kalm ekstase op haar gesig. Haar bewegings is stadig, byna soos dié van 'n persoon onder hipnose.* |

| **BESKERMER** | | |
|---|---|---|
| **Die konstabel gee voor dat hy 'n polisieman is wat daar is saam met die ontplooide waakeenheid, al is hy van elders.** | Hy laat hulle glo dat hy gestuur is om hulle te beskerm omdat hulle so afgesonder is. Hy verkry so toegang tot Miem se huis. | Bl. 15: *Ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees* (*Loer deur die sleutelgat) Dis waar! Hy is 'n konstabel.* |
| | Die vroue glo dat sy blindheid 'n bate is, omdat sy ander sintuie dan beter ontwikkel is. | Bl. 17: *Ek hoop ek het u gerusgestel. En my ander sintuie is … is byna net so goed ontwikkel. Ek het byvoorbeeld vannag geweet dis volmaan buite.* |
| | Die vroue voel beskerm en is baie dankbaar vir sy teenwoordigheid. | Bl. 18: *Ek was besig om te sê dat ons so dankbaar is om u vanaand by ons te hê.* |
| **Miem glo dat die konstabel as gevolg van sy blindheid onskadelik is.** | Sy laat Meisie alleen in sy geselskap en dwing vir Gertie om saam met haar die bed te gaan opmaak. Sy moedig selfs vir konstabel aan om Meisie beter te leer ken. | Bl. 25*: Meisie sal jou geselskap hou, konstabel. Sy is 'n bietjie ingetoë maar as jy haar aanmoedig, kruip sy uit haar dop.* |
| **Miem dink dat die Konstabel die beskermer van haar huwelik is.** | Sy glo dat, indien Konstabel met Meisie trou, Gabriël sal afkom. | Bl. 51: *Ek is seker hy sal afkom … as Meisie die dag trou.* |
| **Die konstabel kom agter dat die vroue blind vir die situasie is.** | Hulle sien nie die feite raak nie en kyk die gevaar mis. | Bl. 21: *Ek hoop nie u neem aanstoot nie, maar dit val my op dat u u miskien blindstaar teen die feite.* |
| **Die konstabel beskerm vir Meisie teen haar naamloosheid.** | Hy noem haar op haar regte naam en beskerm haar teen die identiteitloosheid wat die naam, Meisie, impliseer. | Bl. 27: *Jy't 'n mooi naam, Margareta.* |
| **Meisie se skuldgevoelens bied aan die konstabel die geleentheid om Meisie teen haar eie skuldgevoelens te beskerm.** | Sy wil hom aanvanklik nie vertel van die aand toe sy weggeloop het sirkus toe nie, maar hy lok haar slim uit. | Bl. 31: *Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet …* |
| **Meisie vertrou konstabel al hoe meer met haar innerlike konflik en emosies.** | Sy toon sterk emosie in Konstabel se teenwoordigheid wanneer sy byna histeries aan hom vertel wat haar omstandighede rakende die mis behels. Sy vertel ook van hulle huislike omstandighede en hoe hard sy moet werk. | Bl. 26: *Die mis. (Skielik hard, byna histeries) maar dit stink!*<br>Bl. 27: *Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie.* |
| **Hy beskerm Gertie teen haar oujongnooiskap deur vir haar van sy tant Hannie te vertel**. | Gertie leef haar uit in sy vertelling van tant Hannie en vir daardie oomblikke word sy die begeerlike tant Hannie. | Bl. 45: *Nog. (Sag en byna smekend) Nog as u wil.* |

| | | |
|---|---|---|
| **BEVRYDER** | | |
| **Die konstabel besorg tydelike bevryding van haar seksuele frustrasies aan Gertie.** | Hy bevry vir Gertie deur haar van sy eksotiese tant Hannie te vertel en sy haar so inleef dat sy, soos tant Hannie, begeerlik voel. | Bl. 44: *Sal u maar asseblief so ietsie van hierdie tant Hannie vertel?*<br>Bl. 45: *GERTIE wieg heen en weer met haar lyf skerp agteroor en haar kop heeltemal terug.*<br>Bl. 47: *GERTIE kyk in ekstase na haarself in 'n denkbeeldige spieël.* |
| **Hy word Miem se bevryder wanneer hy na haar belydenis oor die seksuele verlange na 'n man luister.** | Miem voel hartseer wanneer Konstabel haar 'n goeie nag toewens. Sy bely dat sy na die nabyheid van 'n man verlang. | Bl. 48: *om 'n man hier te sien … dié tyd van die nag … wel … dit maak weer dinge in my wakker.* |
| **Hy word ook Meisie se bevryder wanneer hy haar uit haar armoedige omstandighede bevry.** | Hy transformeer in 'n hofnar wat Meisie die geleentheid bied om uit haar omstandighede te ontsnap. Hy maak die vensters en deure oop sodat sy die verleidelike sirkusmusiek kan hoor. | Bl. 54: *Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.* |
| **Hy bevry Meisie uit haar gevangenskap./die oorheersing van Miem.** | Deur Meisie uit te lok om agter die sirkusmusiek by die huis uit te dans, word Meisie van haar ma se oorheersing bevry. | Bl. 51: *Haar dans word nog uitbundiger.*<br>Bl. 54: *Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.* |
| **MANIPULEERDER** | | |
| **Deur sy uiterlike voorkoms manipuleer die konstabel die vroue.** | Die konstabel slaag daarin om met sy voorkoms die vroue se simpatie te ontlok. Hy dra 'n uniform, donker bril en wit kierie en slaag daarin om die vroue te laat glo dat hy 'n onskuldige, gestremde konstabel is. | Bl. 15: *Hy dra 'n ronde donkerbrilletjie en 'n helm. In die een hand hou hy 'n wit kierie vas … Soos u kan sien is ek heeltemal blind.*<br>Bl. 16: *MEISIE maak die deur vinnig toe. MIEM en GERTIE hou hom roerloos dop.* |
| | Hy laat hulle glo dat hy ten spyte van sy blindheid in staat is om hulle te beskerm. | Bl. 18: *Dit is reg, ja. Oor die verdwynings. Maar hulle het my nie volledig ingelig nie. Hulle sê altyd hoe minder ek weet hoe beter.* |
| **In die begin is Meisie onseker in die konstabel se teenwoordigheid, maar ontdooi geleidelik en begin spontaan met hom kommunikeer.** | Sy erken nie aan haar ma dat sy na 'n jongmenslewe smag nie, maar wel aan die konstabel as sy hom van Danie Venter se besoek vertel. | Bl. 26: *KONSTABEL: Werklik, Juffrou, kry u nie besoekers nie?*<br>*MEISIE: Nie eintlik nie.*<br>*MEISIE: … Laasjaar het Danie Venter kom kuier.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Konstabel laat Meisie toe om van die sirkus in sy teenwoordigheid te praat.** | Sy deel haar liefde vir die sirkus en sirkusmusiek met die konstabel. Wanneer sy vra om nie haar ma te vertel nie, kies hy subtiel haar kant teen Miem en wen so haar vertroue sodat sy aan die einde van die drama maklik gemanipuleer kan word. | Bl. 28: *(Draai na die KONSTABEL. Skielik vreesbevange) moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief. KONSTABEL: Ek sal nie.* |
| **Meisie doen wat die konstabel vir haar vra nadat hy haar vertroue gewen het toe hy aan haar gesig gevat het en sy twee keer alleen saam met hom was.** | In die afloop van die drama moet Meisie kaalvoet dans, soos wat Konstabel met haar onder die perskeboom gereël het, want dit skep die illusie dat sy haar losmaak van die aardse. | Bl. 37: *(steek sy hand uit en raak aan haar) Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my.*<br>Bl. 51: *Jy het mos gesê sonder skoene.* |
| | Sy moet ook in haar wit aannemingsrok kom wat haar onskuld/reinheid suggereer. | *Bl. 50: Jy het gesê my aannemings*rok. |
| **Gertie stel haar oop vir die konstabel se manipulering.** | Wanneer hulle twee alleen is vertel Gertie vir die Konstabel dat sy ongetroud is en geen kind of kraai het nie. Hy kom agter dat sy van haar vasgevangenheid wil losbreek. | Bl. 23: *Is daar darem iemand spesiaals?*<br>*Dan vry u maar so in die bondel?*<br>*GERTIE: (koketterige laggie)* |
| **Konstabel manipuleer Meisie se vertroue/respek jeens hom wanneer hy haar as "Juffrou" aanspreek.** | As Konstabel vir Meisie as "Juffrou" aanspreek, manipuleer hy haar om te glo dat hy haar respekteer./ geloofwaardig is. | Bl. 27: *Ek is jammer, Juffrou.*<br>*Dis snaaks, niemand het my nog so genoem nie.* |
| **Die Konstabel manipuleer vir Meisie met sy belang-stelling in haar.** | Hy is geduldig en lok haar uit om hom van haar besoek aan die sirkus asook die gebrek aan manlike geselskap te vertel. | Bl. 26: *Ek is nie gewoond aan mense nie./Laasjaar het Danie Venter kom kuier.*<br>Bl. 28 *Nou goed, ek sal vir u vertel …*<br>*Nee, ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink is om te doen.* |
| **Konstabel spreek 'n behoefte uit om te voel hoe Meisie lyk, want hy weet nie hoe 'n jong meisie lyk nie.** | Sy aanraking laat Meisie sensueel ontwaak en sy geniet sy aanraking. | Bl. 38: *Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.* |
| **Konstabel manipuleer vir Meisie om saam met hom weg te gaan en 'n oënskynlike gelukkige jongmenslewe te lei**. | Hy maak doelbewus die kombuisvenster oop sodat sy die sirkusmusiek, wat haar verlei om tot aksie oor te gaan, kan hoor. | Bl. 51: *Sirkusmusiek word gehoor. Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur …* |
| * Die kandidate kan ook na ander, soortgelyke rolle van Konstabel verwys, byvoorbeeld Konstabel se rol as towenaar/magiese figuur of Konstabel se rol as biegvader, ensovoorts. | | |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 17.1.1 | Miem verwys na die aand toe Meisie uitgeglip het om sirkus toe te gaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.1.2 | Dit sluit by die titel aan, omdat die werk waarmee Meisie besig is, verwys na die sakke wat sy moet maak waarin dieremis verpak en verkoop word. ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem en Meisie verkoop dié sakke met mis omdat hulle baie arm is. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.2 | Dit is die mense/ouers/ligsinniges wat hulle dogters toelaat om sirkus toe te gaan./wat nie die sirkus as boos beskou nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Miem is veroordelend./krities./voorskriftelik./dominerend./liefdeloos./ meerderwaardig/beterweterig ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan ook die karaktereienskappe omskryf.* | 1<br><br><br><br><br><br>2 |
| 17.3 | Reël 5: Die leser word herinner dat daar nog 'n persoon/die pa in die huis/solder is./dat Gabriël nie deel van sy gesin vorm nie./dat Gabriël hom van sy gesin onttrek het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Reël 7 en 8: Miem se bekommernis oor Gabriël word aan die leser op dié manier geïllustreer./<br>Dit beeld 'n ander sy van Miem se karakter uit, naamlik dat sy 'n sorgsame vrou/eggenoot is./<br>Miem se ontsag/respek vir Gabriël (in 'n era toe die man tradisioneel die hoof van die huis was) word aan die leser getoon. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.4 | Miem se simpatie teenoor Meisie/mense is geveinsd./manipulerend./<br>Miem tree verskillend/sagter/met meer begrip teenoor Gabriël as teen ander karakters op. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Miem raas met Meisie omdat sy na die sirkusliggies kyk, MAAR dan maak sy haar stil tydens Gertie se vertelling oor die sirkusfratse./vra sy vir Gertie uit oor die sirkus. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Miem dring daarop aan dat die deur gesluit moet bly omdat die gevaar buite is, MAAR wanneer sy aan die konstabel van die verdwynings wil vertel, stuur sy Meisie buitentoe en sê dat sy die deur moet oophou. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidate se TWEE antwoorde moet die kontras in Miem se woorde EN handeling vir EEN punt elk aandui.*<br>*Die kandidate bied soortgelyke antwoorde oor Miem se woorde EN handeling vir EEN punt elk aan.* | 1 |
| 17.5 | Sy is bang omdat Miem se woorde telkens die gevaar/onheil van hierdie aand uitlig./<br>Daar kom nie eintlik mense by hulle kuier nie./<br>Meisie het die vorige aand 'n uil gehoor, wat vir haar 'n teken van onheil is; daarom is haar vrees vir enige iets buite die normale oortuigend. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.6 | Gertie is Miem se vriendin wat gereeld kom kuier.<br>Gertie is 'n onderwyseres by die plaaslike skool. ✓✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Sy sal dan nie alleen by haar huis (wat vol geluide is), wees nie./<br>Haar bure bly so ver, daarom is dit wys dat sy na Miem se huis toe gaan./<br>Daar is 'n uil in haar tuin en sy glo die bygeloof, daarom is sy wys om veiligheid in Miem se huis te gaan soek./<br>Sy weet dat Miem se huis 'n plek van veiligheid sal wees omdat Miem die deure en vensters gesluit sal hou.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy het alleen in die donker die pad na Miem se plot buite die dorp aangedurf./<br>Dit was nie wys van haar om bloot op grond van 'n uil die donker in na Miem se huis toe te vlug nie./<br>Gertie het nie nodig gehad om te vlug nie, want sy pas nie by die profiel van die vorige twee meisies wat verdwyn het nie./<br>Die gevaar was uiteindelik by Miem se huis, want sy het 'n vreemde man (wat soos 'n konstabel aangetrek is), vertrou en ingenooi. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |
| 17.7 | Konstabel vra of daar 'n manier is hoe Gabriël (stilletjies/ongesiens) buitentoe kan gaan./of daar 'n buitedeur met 'n soldertrap is./of hy die enigste een is wat 'n sleutel vir die buitedeur het./<br>Konstabel het gesuggereer dat Gabriël vir die verdwynings verantwoordelik kan wees. ✓<br>**EN**<br>Hy is 'n goeie manipuleerder./skelm. ✓<br>**EN**<br>Simpatie ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.8 | Die leser/kyker vermoed reeds dat die konstabel die skuldige/die ontvoerder is/dat die vroue veiliger sonder hom sal wees, MAAR nou smeek hulle hom/die gevaar om te bly. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die dramatiese ironie vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 17.9 | Sy kom in opstand/rebelleer teen haar ma se dominerende optrede teenoor haar./voorskriftelikheid. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy het een aand, sonder haar ma se toestemming, sirkus toe gegaan./<br>Sy plant rose voor haar venster om die stank van die mis te verdryf. /<br>Sy vertel vir die konstabel van die aand toe sy sirkus toe was./<br>Sy loer, teen haar ma se bevele, kort-kort na die sirkusliggies./<br>Meisie verlaat die huis saam met Konstabel.✓<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN optrede vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 17.10 | In TEKS K beskou sy die sirkusmusiek (en dus ook die sirkus) as 'n euwel/boos (daarom mag Meisie nie daarna luister nie). ✓<br>In TEKS L vra sy dat die konstabel bly om hulle teen die onheil van hierdie aand wat, volgens Miem, as gevolg van die sirkus teenwoordig is, te beskerm. ✓ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is | Respons redelik gedetailleerd<br>Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie | Geen verwysing na die gedig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en gedig | Begrip van genre en gedig duidelik | Basiese begrip van genre en gedig | Onvoldoende begrip van genre en gedig | Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur en logiese vloei van argument | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Struktuur swak |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Vloei van argumente kan gevolg word | 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel | Argumente nie logies gerangskik nie | |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, grootliks korrek | Geringe taalfoute | Taalfoute beduidend | Ernstige taalfoute |
| | Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | Toon en styl is grootliks korrek | Toon en styl meestal gepas | Toon en styl nie geskik nie | Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13 | Respons redelik gedetailleerd | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp | Min punte wat die onderwerp ondersteun | Swak poging om die vraag te beantwoord |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is | Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Baie min relevante argumente | Argumente oortuig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en teks | Begrip van genre en teks duidelik | Basiese begrip van genre en teks | Weinig begrip van genre en teks | Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Logiese vloei van argument | Logika en samehang is duidelik, maar met foute | Argumente nie logies gerangskik nie | Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk |
| | Uitstekende inleiding en Slot | Inleiding, slot en ander paragrawe samehang-end georganiseer | Paragrafering meestal korrek | Paragrafering foutief | Paragrafering foutief |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | Taalfoute beduidend<br>Toon en styl nie geskik nie | Styl en toon nie geskik nie |
| **PUNTE VERSPREIDING** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou